MY VEERTIG JAAR

IN DIE

SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Johan Ferreira

VOORWOORD

In die loop van veertig jaar in die Suid-Afrikaanse Polisie is daar talle insidente en staaltjies wat mens bybly.

Omdat die meeste van hierdie stories oor my persoonlike wedervarings gaan, moet die leser my maar vergewe as die woord "ek" gereeld in die teks voorkom. Dit is my manier om die stories te vertel.

Baie van die insidente was komies, sommige dalk 'n bietjie stout, maar daar was ook dié wat my aan die hart gegryp het.

In hierdie boekie is 'n paar insidente oor my lewe in die Suid-Afrikaanse Polisie.

Ek wil die leser by voorbaat waarsku dat ek myself aangematig het om die stories so hier en daar bietjie "op te sous", soos 'n familielid eendag dit beskryf het.

Johan Ferreira

September 2011

--ooOOoo—

DIE BEGIN VAN 'N LOOPBAAN

In my lewe was ek nog net een maal sonder werk.

Dit was in die tyd vandat ek die skoolbanke vaarwel toegeroep het totdat my aansoek om indiensneming in die Suid-Afrikaanse Polisie goedgekeur was.

Ek was bevoorreg om net een keer in my lewe aansoek te moes doen vir werk, want die polisie was al werk wat ek ooit gehad het.

As 'n jong man wat pas 18 jaar oud geword het, is ek op 20 Maart 1963 opgeroep om by Kaptein Jack Hurter se kantoor in die Maritime-gebou in Pretoriusstraat, Pretoria aan te meld.

Ek het in die pak klere waarin ek kort tevore aangeneem en voorgestel is, daar gerapporteer waar die kaptein my meegedeel het dat my aansoek om indiensneming in die Suid-Afrikaanse Polisie goedgekeur is. Hy het my na een van die personeellede verwys waar ek 'n paar dokumente moes invul, onder meer vir 'n lewens- en uitkeerpolis.

Daarna is ek weer voor die kaptein geparadeer. Ek moes op aandag voor hom staan. Nadat hy die eed aan my voorgehou het, het hy my aangesê om my regterhand in die lug te steek en te sê: "So help my God."

Kaptein Hurter het my toe ingesweer. Hy het hy my gelukgewens en in die geledere van die Suid-Afrikaanse Polisie verwelkom. Die kaptein het my ook vriendelik vertel dat die polisie 'n edel beroep is en dat ek altyd moet besef dat 'n polisieman daar is om die samelewing te dien. Hy het verder gesê dat 'n beroep in die polisie vol avontuur is, maar dat daar ook slaggate en versoekings in my pad sal kom. Dit sal van myself afhang of ek daarin sal trap en of ek daaraan sal toegee. Hy het ook melding gemaak dat 'n polisieman nie altyd onder toesig sal werk nie en dat dit van my eie integriteit

sal afhang of ek die vertroue wat die staat, die polisie en die gemeenskap in my stel, waardig sal wees. As ek hierdie vertroue eerbiedig, sal my beroep geseën wees. Hy het ook gesê dat die R85 wat ek aanvanklik per maand gaan verdien, dalk vir 'n jong man wat pas uit die skool gekom het, na 'n klomp geld gaan klink, maar dat ek altyd versigtig te werk moet gaan hoe ek my geld bestuur. 'n Polisieman kry nie baie geld nie, maar sy geld is geseën en hy sal nooit honger hoef te gaan slaap nie. Nog dinge waarteen hy my gewaarsku het, was om my vriende reg te kies, om nooit gunste en geskenke by die publiek te aanvaar nie en om elke lid van die publiek, of hy arm of ryk, wit of swart, eenvoudig of hooggeplaas is, met eerbied en met onpartydigheid te behandel.

Ek was na die polisie-fotograaf geneem, waar hy 'n foto vir my aanstellingsertifikaat geneem het. Daarna is die magnommer 42600 aan my toegeken. Van toe af het my naam tweede gekom. Ek het 'n nommer geword.

Nadat hy my van al die moets en moenies in die polisie vertel het, het hy 'n roetevorm aan my oorhandig en aangesê om by die Brooklyn polisiestasie in Duxburyweg, Hillcrest, Pretoria te gaan aanmeld. Ek moes daar as 'n student-konstabel in privaatklere werk totdat ek opgeroep word vir my basiese opleiding aan die Polisiekollege.

By die polisiestasie is ek voor die Stasiebevelvoerder, adjudant-offisier Jonker geparadeer. Hy het my eers goed deurgekyk en vertel wat hy van my verwag het.

Die eerste wat ek moes verstaan, is wat 'n student-konstabel, konstabel, sersant en adjudant-offisier is, waar hulle in die struktuur inpas en dat ek my meerderes en die publiek altyd moes respekteer en opstaan as hulle met my praat. Ek moes weet hoe die verskillende rangtekens lyk. As 'n polisieman sterretjies op sy skouers gehad het, moes ek weet dat dit 'n offisier is en as hy medaljelinte op sy bors en goue borduursel op sy pet gedra het, moes ek weet dat dit 'n grootkop is en dat ek sover moontlik uit sy pad moes bly.

Ek is toe in gepos as aanklagtekantoor-reserwe en is op een van die vier aflossings geplaas, waar ek skofte sou werk. My direkte bevelvoerder was 'n sersant Kleynhans, wat my moes oplei om in die aanklagkantoor te werk. Hy was 'n regte verbitterde ou korrelkop en baie streng. Hy was al baie naby aan sy aftrede. Ek moes leer om al die registers in die aanklagkantoor foutloos by te hou en moes later ook leer om verklarings van die publiek wat een of ander geringe misdaad kom rapporteer het, af te neem. As dit stil geraak het op die nagskof, het sersant Kleynhans my vertel van sy omswerwinge in die polisie en hoe hy tydens die Tweede Wêreldoorlog in die Noorde moes veg, maar dat "hulle" hom na al sy opofferings slegs 'n sersant gemaak het. Volgens hom het hy genoeg ondervinding en kennis gehad dat "hulle" hom tenminste in majoor kon maak. Ek kon dit nie verstaan nie, want hy was bekwaam en streng. Kaptein Hurter wat my ingesweer het, was nog redelik jonk en hy was al 'n kaptein, maar sersant Kleynhans was al 'n ou man.

Ek het later uitgevind dat sersant Kleynhans nooit in sy lewe aan 'n bevorderingseksamen deelgeneem het nie en dat hy maar eintlik self vir sy situasie verantwoordelik was.

Ek het gou in die roetine van werk in die aanklagkantoor ingeskakel en binne 'n paar weke was ek al so vertroud met die werk dat ek al hoe meer verantwoordelike take begin ontvang het. As ek vandag terugdink aan daardie dae, besef ek dat die ou sersant maar te gretig was om al die verantwoordelikhede op my af te skuif. Dan kon hy sit en tob oor die onregte wat die polisie hom aangedoen het.

Ek het verneem dat, as jy in die polisie wou vorder, jy die bevorderingseksamens moes aflê. 'n Lid kon na drie jaar 'n sersant word op voorwaarde dat hy al mondig was. Twee jaar later was hy geregtig om eksamen te skryf na die rang van adjudant-offisier en na nog twee jaar na luitenant. Die eksamens was volgens die manne baie moeilik en bitter min lede het die eksamen met die eerste probeerslag geslaag. Mens moes

ook al agt vakke gelyktydig slaag en die kandidate moes twee vakke op ’n dag aflê. Op hierdie manier was die kandidate gesif en net die bestes het geslaag.

Die manne soos sersant Kleynhans, wat nie eksamen kon of wou skryf nie, is eenvoudig net nie bevorder nie. Hulle moes wag totdat hulle agttien jaar diens (met ’n skoon gedragstaat) gehad het voordat hulle in aanmerking kon kom vir bevordering. Die slotsom was dat die geleentheid daar was, maar dan het dit van jouself afgehang het of jy dit wil aangryp of nie.

Ek het vir nege maande as ’n student of Brooklyn gewerk en is in Januarie 1964 na die polisiekollege gestuur om my basiese opleiding te ontvang. Die nege maande op Brooklyn was vir my baie aangenaam en ook leersaam. Toe ek by die Kollege aangekom het, het ek meer van polisiewerk geweet as baie van die instrukteurs by die Kollege.

Ek het toe al, heel aan die begin van my loopbaan, vir myself voorgeneem dat ek nie vir ewig ’n konstabel of ’n sersant wou wees nie. Ek het vir myself ’n doelwit gestel om so gou as moontlik ’n sersant te word en om daarna elke moontlike geleentheid wat na my kant toe kom, aan te gryp. Ek wou eendag ’n bors vol medaljes en ’n pet met goue borduursel dra en baie sterretjies op my skouers hê.

Wat hierna volg, is sommige van die insidente en staaltjies wat ek vir die volgende veertig jaar ervaar het.

--ooOOoo—

MY EERSTE BLAPS

Die polisiestasie in Brooklyn was destyds 'n ou herehuis, in Duxburyweg – reg oorkant die bekende Hillcrest Swembad. Vandag staan daar op dieselfde perseel, 'n pragtige moderne polisiestasie.

Die woning aan die linkerkant van die polisiestasie, Duxburyweg 123, was die ampswoning van die Kommissaris van Polisie. Destyds was dit generaal JM Keevy.

Die manne wat nagskof gewerk het, was deurentyd gemaan om so stil as moontlik te wees, want dit sou 'n doodsonde wees as ons die Kommissaris en mevrou Keevy se nagrus versteur het. Daarom was die patrolliewa se radio nooit aangelos as dit by die stasie "afgestaan" het nie.

As jong student-konstabel het ek maar net geweet dat daar 'n grootkop langs die polisiestasie woon en dat ek uit sy pad moes bly.

Een aand, seker omgeveer half-twaalf op die nagskof, terwyl ek in die aanklagkantoor gesit het, besig om een van die registers by te hou (onder die strenge toesig van sersant Kleynhans) kom daar 'n oubaas by die aanklagkantoor in en groet baie vriendelik: "Naand, kêrels ..... kan julle my dalk help, asseblief? Ek en my vrou kom nou van 'n funksie af en die huis se sleutels is weg. Kan een van julle jong manne nie gou 'n venster kom oopbreek om die huis oop te sluit nie?"

Ek het die man baie kordaat aangekyk en agteroor op die stoel geleun en geantwoord dat ons juis daar is om misdaad te voorkom, nie om dit te pleeg nie ..... maar toe ek om my kyk, sien ek net dat die hele personeel soos besemstokke op aandag staan ..... en die sersant hom boeglam geskrik het vir die simpel student wat nie kan sien hy praat met generaal John Keevy nie!

Toe ek met 'n harde gebulder van die sersant op aandag geroep is en hy flink gesalueer en "Goeienaand Generaal" gesê het, het ek eers besef dis die grootkop van die huis langsaan .....

Gelukkig was die generaal in 'n goeie luim en was hy tevrede toe ek met 'n Okapi mes die stopverf om een van die vensters verwyder en die venster uitgehaal het.

Die feit dat ek my vinger met die skerp rand van die ruit raak gesny het, het dalk ook mevrou Keevy se simpatie in my guns laat swaai.

Maar sersant Kleynhans het my daarna baie streng uitgetrap en my vertel dat ek daardie aand gelukkig was om nie my loopbaan te verwoes nie.

Ek was omtrent vir 'n maand lank my rusdae kwyt .... maar vir 'n jong student wat vir elke oomblik geleef het om aan diens te wees, was dit eintlik 'n bonus.

--ooOOoo—

PATROLLIEWA-BEMANNING

Vir 'n jong kêrel wat pas die stof van die skoolbanke afgeskud en hom as 'n student-konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie bevind het, was dit maar baie vervelig, dog leersaam om as aanklagtekantoor-reserwe gepos te word. Veral onder die valkoë van 'n baie befoeterde ou sersant. Dit was in die jaar 1963 en ek was agttien jaar oud.

Nadat ek 'n paar maande in die aanklagtekantoor deurgeworstel het en die manne op die patrolliewa beny het vir die avontuur wat hulle beleef het, was dit 'n aangename verassing om een aand, toe die nagdiens aflossing aangetree het, op die SAP 15 te lees dat ek vir die volgende veertien dae gepos was as patrolliewa-bemanning, oftewel "van-crew".

As 'n jong student-konstabel, het dit gevoel of ek toe uiteindelik in die Polisie "gearriveer" het. Dit was nie juis normale praktyk dat 'n student as bemanning gepos word nie, maar daar was destyds 'n nypende mannekragtekort en die wyksersant, konstabel Willie Van Aswegen, was maar genoodsaak om my as sy bemanning te pos.

Konstabel Van Aswegen het my gelas om saam met hom die patrolliewa, 'n grysblou Ford F100, te inspekteer en ek het trots saam met hom om die Ford gestap, die wiele geskop en gekyk of daar enige gebreke aan die voertuig was.

Nadat ons die voertuig vol brandstof getap het, het ons in die Brooklyn polisiewyk begin patrolleer. Ek het myself lekker tuisgemaak in die Ford en gedienstig "skoon links" of "skoon regs" gesê wanneer ons 'n stopteken of 'n kruising genader het. Ek was ook toegelaat om so nou en dan oor die radio te antwoord as "Beheer" wou weet wat ons ligging was.

In die vroeë oggendure is ons na 'n adres in Menlopark ontbied om aandag te gee aan 'n klagte van 'n baie ontstelde bejaarde dame, wat gerapporteer het dat haar 1948 Buick uit die motorhuis vermis was. Die motor het aan haar oorlede eggenoot, 'n voormalige

advokaat, behoort en was nog in dieselfde toestand as wat dit was toe hulle dit vyftien jaar tevore aangeskaf het.

Die dame het vermoed dat haar kleinseun en 'n maat, twee matriek-skoolseuns, die Buick sonder haar toestemming geneem het.

Die Buicks van daardie era was deftige motors en het met 'n yslike chroom sierrooster gespog wat André Rieu se glimlag in die skande sou steek.

Willie en ek en die Ford het die omgewing van Menlopark en omstreke gepatrolleer en "uitgekyk" vir die Buick.

Om ongeveer twee-uur die oggend, terwyl ons stadig in 'n oostelike rigting in Andersonstraat, Menlopark gepatrolleer het, was ons moeite beloon. Die Buick het vanaf die teenoorgestelde rigting nadergekom. Willie het toe vinnig omgedraai, maar die Buick se ligte is skielik afgeskakel en het dit weggejaag. Toe Willie uiteindelik die Ford patrolliewa omgedraai het, kon ons net sien hoe die Buick in die verte verdwyn. Wat die jong bestuurder van die Buick egter vergeet het, was dat die remligte elke keer aangekom het as hy sy rem getrap het om sy snelheid by 'n stopteken of draai te verminder. Hoewel die ou Buick al taamlik lank in die tand was, was daar nog baie krag onder die enjinkap. Die Buicks van daardie tyd het 'n allemintige agsilinder *(straight eight)* enjin gehad en hoewel die motor maar swaar en lomp was, kon hulle steeds oor die aarde seil as die bestuurder dit van hulle gevra het.

Die Ford F100 patrolliewa was maar lomp om in 'n jaagtog in die oostelike voorstede betrokke te raak, maar ou Willie het hom heel goed van sy taak gekwyt om die Buick in te haal. In 'n woeste jaagtog deur Menlopark en Brooklyn, waar ou Willie 'n hele paar jong boompies op die sypaadjie gelyk met die aarde gevee het, het ons die Buick agternagesit.

Toe die jong manne in die Buick gesien het dat ons hulle dalk gaan inhaal, het hulle koers gekies na die oostelike buitewyke van Pretoria op die teerpad, wat vandag as 'n

uitbreiding van Atterburyweg bekend staan en in die rigting van Zwavelpoort gejaag. Willie kon, weens die Buick se remligte wat kort-kort aangegaan het, die twee jongmanne volg. Toe ons die reguit-pad aan die buitewyke van Pretoria betree het, het Willie die Ford se leisels losgelaat en agter die Buick aan gejaag. Maar helaas, die Buick het soos 'n wafferse renperd skoon onder ons uitgeseil. Hoe verder ons dit agterna gesit het, hoe groter het die afstand tussen die Ford en die Buick geraak.

Willie het maar die stryd gewonne gegee en ons het maar in die omgewing van die ou dame se huis rondgery totdat die twee seuns die motor huis toe gebring het. Gelukkig was die Buick nog taamlik heel, behalwe vir 'n paar skrape en graspolle wat tussen die buiteband en die wielnaaf vasgekleef het.

Ofskoon die ou dame baie vies vir haar kleinseun was, wou sy nie 'n formele aanklag teen hom lê nie.

Toe ek die oggend van diens gerapporteer het, het ons nou wel nie 'n skelm agter die tralies laat beland nie, maar dit was een van die herinneringe wat my altyd sal bybly.

--ooOOoo—

DIE JAAR IN DIE POLISIEKOLLEGE

Vroeg in Januarie 1964 het ek by die Suid-Afrikaanse Polisiekollege in Pretoria aangemeld, waar ek vir die volgende twaalf maande moes vertoef.

Saam met my het nog ongeveer 1200 nuwe studente aangemeld. Vir die eerste dag of twee moes ons elke dag in die bloedige son op die paradegrond staan en wag om in troepe opgedeel te word.

Die dril-instrukteurs het die manne se name een vir een uitgeskree, waarna hulle in troepe van 36 studente elk, ingedeel was. Hoe hulle stembande dit gehou het, bly steeds vir my 'n raaisel.

Elke troep het 'n troepsersant gehad, wat vir die duur van die opleiding verantwoordelik sou wees om 'n gedissiplineerde polisieman van jou te maak.

Daarna is die woonlokaal, of "bungalow" vir elke troep toegewys. Dit was 'n lang saal, waar agttien beddens aan die een kant en 'n verdere agttien beddens aan die ander kant gestaan het. Daar was 'n oop gang tussen die beddens.

Sodra die troepe ingedeel was, is die groep in opruktrokke na die Kwartiermeester in Jacob Mareestraat, naby die Pretoria-stasie geneem om uitgerus te word. Elke student is met 'n volledige uniform, rewolwer en 'n .303 geweer (sonder ammunisie) uitgereik.

Vir die volgende twaalf maande is ons opgelei in die voorgeskrewe regsvakke, skietkuns, noodhulp, dril, boks, stoei, liggaamlike opvoeding en selfverdediging.

Voor elke af-naweek was daar 'n inspeksie by elke troep gehou. As daar 'n krieseltjie stof of 'n vuil kol gevind is, was die hele troep se naweek net daar gekanselleer en moes ons die naweek, wanneer die ander manne in die stad kon gaan rondloop of by vriende gaan kuier, strafdiens doen. Op hierdie manier het ons gou agtergekom dat ons troepmaats op mekaar aangewese was en het ons soos 'n goed-geoliede masjien saamgewerk.

Waar ons aanvanklik maar ’n redelike klomp rou studente was, is ons in die volgende twaalf maande gevorm tot goed opgeleide, gedissiplineerde jong manne wat gereed was om die lewe in die polisie aan te durf.

Die jaar wat aanvanklik soos ’n berg voor ons gelê het, eintlik baie gou verbygeskiet.

Die dag voor ons uitpassering in Desember 1964, is ons ingelig waarheen ons na ons opleiding verplaas sou word. Omdat ek kon tik, beland ek toe in die telekskantoor by die Suid-Afrikaanse Polisie se Hoofkantoor in Wachthuis.

Die uitpasseringsparade vir 1200 studente was op die Pilditch Stadion in Pretoria-Wes.

--ooOOoo--

RONDEDIENS IN POLLEYS DEURLOOP

In 1967 rond, moes ek een nag in Polleys Arcade "beat" stap - om te kyk dat niemand onwettig om en naby Wachthuis rond drentel nie. Ek was nog 'n konstabel en die sersant wat my moes "opcheck", het iewers op die sewende vloer in 'n kantoor gesit.

Om ongeveer 04:30 die oggend sien ek 'n omie wat na my aangestap kom en ek trek onmiddellik my holster reg en vee die vaak uit my oë.

Die omie, in burgerdrag, kom reguit na my en steek sy hand uit en sê: "Ek is majoor Grobler."

Ek steek my hand ook uit, gee hom 'n stewige handdruk en antwoord: "Aangenaam, majoor – ek is konstabel Ferreira."

Hy klap my hand weg en antwoord met 'n kwaai stem: "Ek kom nie kennis maak nie, ek wil jou donnerse sakboek hê om jou te besoek!"

Ek het ook maar aanvanklik gewonder waarvoor die majoor my half vyf in die oggend wou kom ontmoet!

--ooOOoo—

POLISIE-BEVORDERINGSEKSAMENS

In die 70's, toe die SAP nog interne bevorderingseksamens aangebied het, was daar sommer gebruik gemaak van offisiere met die nasiening van die vraestelle.

Ek kan nou nog nie sê waarom ek, 'n melkbaard-luitenantjie wat die jaar tevore die bevorderingseksamen: Adjudant-Offisier tot Luitenant geslaag het, opgekommandeer was om ook een van die nasieners te wees nie. Maar dit was iets nuuts en ek kon dit seker as 'n klop op die skouer sien om met sulke verantwoordelikheid toevertrou te word.

Daar het op 'n goeie dag twaalf offisiere by Wachthuis aangemeld. Ons is behoorlik deur Kolonel Anker du Toit, Hoof van die Eksamenraad, voorgelig hoe 'n mens vraestelle moes nasien. Die manne wat nog destyds aan die eksamens deelgeneem het, sal onthou dat 'n vraestel gewoonlik twaalf vrae bevat het, maar dat die kandidaat 'n keuse gehad het om net tien vrae te beantwoord. As ek reg onthou was daar tussen die nasieners 'n majoor Sadie en 'n luitenant Quintin Visser van die Kaap, 'n luitenant Goosen van die Vaaldriehoek en nog 'n paar merkers.

Met die Magadministrasie- en regsvakke het dit nogal flink gegaan met die merkery, maar so hier en daar het ons nasieners ons nogal verwonder oor die kandidate se gesukkel met die Engelse taal. Dit was ook opvallend dat baie speurders die vak Ondersoek van Misdaad gedruip het. Heelwat Afrikaanssprekende kandidate het ook Afrikaans gedruip. Die rede waarom die speurders nie altyd goed gevaar het met Ondersoek nie, was omdat hulle gedink het dat hulle hul werk geken het en nie nodig gehad het om die handleiding te bestudeer nie.

Afrikaans was weer 'n uitvang-vraestel. Die kandidate moes sinne maak met woorde soos "metterwoon"; allengs"; "kapittel"; klakkeloos" en sulke vreemde woorde. Daar is die manne van die seuns gewoonlik geskei.

Daar was gewoonlik ’n begripstoets oor ’n onderwerp waarvan g’n mens ooit gehoor het nie en ’n paar sinne waarin die kandidaat ’n vertaling uit Engels na Afrikaans moes doen. Ons het ook lekker gelag toe een van die kandidate ’n sin moes maak met die woord “kapittel” Sy poging was: “Die kameel loop deur die woestyn, kapittel, kapittel, kapittel.”

In die Engelse vraestel het die eksaminator altyd die kandidate se spelvermoë in Engels getoets. Vir sommige van ons boerseuns, veral uit die Namakwaland omgewing, was dit een van hul grootste beproewings om Engels deur te kom. Daar was onder andere, in elke vraestel ’n klomp woorde wat die kandidate vanuit Afrikaans na Engels moes vertaal. Een van die vrae was om die Engelse woord vir “verkleurmannetjie” *(chameleon)* te gee. Een kandidaat, seker ’n Namakwalander, se baie koddige poging was *“colourchappy”*.

--ooOOoo—

DIE DAG TOE DIE AAP UIT DIE MOU GELAAT IS

Ons polisiemanne word in die wel en weë van ons loopbane telkens met die donker kant van die lewe gekonfronteer. Genadiglik het die meeste van ons deur die jare geleer om die stampe en stote van die lewe met humor en soms 'n bietjie stoutigheid te versag, dan kon ons later daaroor lag. Op dié manier tree die meerderheid van ons, *enkel uit genade*, na 'n lang loopbaan soms 'n bietjie gehawend, maar darem taamlik heel uit die stryd.

In die sewentigerjare van die vorige eeu is 'n paar polisiemanne van die Pretoria en Pretoria-Noord distrikte een dag opgekommandeer om na Pietersburg te gaan en op te tree by 'n militêre begrafnis. 'n Gerespekteerde politikus, wat diep spore in Suid-Afrika gelaat het, moes daar met volle militêre eerbewys begrawe word. Die oorledene was senator Tom Naudé, politikus, Speaker, Minister, President van die Senaat en later ook Waarnemende Staatspresident. Omdat dit so 'n belangrike staatsbegrafnis was, moes die genomineerdes die dag voor die begrafnis by die Polisiekollege in Pretoria-Wes aanmeld vir 'n inoefening. Ons ouer polisiemanne sal onthou dat dril destyds, 'n noodsaaklike aspek van enige polisieman se mondering was. Drilbewegings was op sulke geleenthede met pynlike militêre presisie gedoen. Bewegings is tot vervelens toe gerepeteer totdat dit uiteindelik die dril-instrukteurs behaag het.

Destyds het ons nog op die ou manier gesalueer. Met die *"op-beweging"*, wat inderdaad uit twee vinnige bewegings bestaan het, is die regterarm eerstens met 'n flinke beweging na regs, sover as wat dit kon strek, uitgeskiet en onmiddellik daarna met 'n sierlike swaaibeweging na die piek van die pet opgeruk, waar die middel- en wysvinger met 'n paar klein rukbewegings presies bokant die regteroog tot stilstand

moes kom. Met die *"af-beweging"* was die regterarm weer reguit vorentoe uitgeskiet en onmiddellik met 'n ratse beweging tot by die regtersy afgeruk.

Die polisie orkes, vuurpeleton en dril peloton is tydens die inoefening deeglik afgerig en voorberei vir die statige geleentheid.

By die Kollege, waar almal dou voor dag die volgende oggend aangemeld het, is hulle op die gebruiklike manier geparadeer, geïnspekteer en soos sardientjies in die opruktrokke geprop, waar hulle styf teen mekaar, in hul volle winteruniforms, in die pad geval het.

Met die begrafnis het alles goed verloop. Die vuurpeleton het hul bewegings perfek uitgevoer en het, afgesien van 'n paar naasbestaandes en roubeklaers wat hulle boeglam geskrik het vir die loskruitsarsies, 'n groot indruk op die aanwesiges gemaak. Die orkes kon darem vir die skrik vergoed met hul meesterlike uitvoering van die dodemars. Van die dril peloton is agterna gesê dat dit hulle waarlik professioneel en aandoenlik opgetree het. Die manne was nog jonk genoeg om hul bewegings flink en korrek uit te voer en mooi genoeg om 'n blywende indruk op die bedroefde familie en die inwoners en belangstellendes te laat. Ná die begrafnis is groot lof en waardering aan die groepie polisiemanne uit Pretoria betuig.

Met tipiese plattelandse-gasvryheid was daar na afloop van die verrigtinge mildelik voorsiening gemaak vir verversings. Almal was genooi om verversings te kom geniet - selfs die groepie polisiemanne uit Pretoria.

Omdat hulle al vroeg die oggend in die pad geval en daar nie tyd vir stilhou was nie, was die manne teen daardie tyd lekker honger en het hulle hul nie nog 'n keer laat nooi nie. Die tafels het gekreun onder die borde opgestopte pruimedante, vleisbolletjies, visvingers, gemengde slaai, vleispasteie, ham, polonie, worsies, hardgekookte eiers, rooi en groen suuruitjies, souttertjies, melktert, koeksisters en

selfs gekruide samoesas. Ook lekker tee, koffie en koeldrank om die heerlike verversings mee af te sluk.

Nadat almal goed aan die eetgoed weggelê het en die verrigtinge afgehandel is, is die lede weer aangetree, geïnspekteer en gereed gemaak vir die rit terug na Pretoria. Almal is gewaarsku dat hulle hul draaie moes loop voordat hulle in die trokke klim, want daar sou nie langs die pad stilgehou word nie – die drywers was haastig.

Die opruktrokke was skaars op die pad, toe 'n paar van die "ou hande" skielik, vanuit die niet, 'n paar flesse "polisiekoffie" en ander versterkings te voorskyn bring. Die versterkings het gou die ronde gedoen en nie lank daarna nie, of die manne het lekker vrolik begin word – die droewige begrafnis-atmosfeer en die parade in die bloedige son vergete.

Toe die konvooi deur Potgietersrus beweeg, kon 'n mens sweer elke polisietrok was 'n bewegende hok vol ganse, so deurmekaar, luidrugtig en jolig was daar gesing en geskerts.

By Naboomspruit het een van die manne, ons het hom *Joop den Uyl* genoem, begin agterkom dat die vleisbolletjies, suuruitjies, melktert, samoesas en ander verversings nie so lekker akkordeer met die polisiekoffie en die gestampery in die bedompige opdruktrok nie. Koue sweet het op sy bolip uitgebiggel en hy het al stiller en bleker om die kieue begin word.

By Nylstroom het hy deur die spreekbuis na die bestuurder geroep en hom gesmeek om asseblief stil te hou – hy voel glad nie lekker nie. Die bestuurder was natuurlik doof en het net aangehou ry.

Joop het moedig teen die kokende, malende drukking in sy binneste geveg. Hy was vasberade om Pretoria te haal sonder om skande te maak. Hoe nader hulle aan Pretoria gekom het, hoe meer het die besef tot hom deurgedring dat hy nie opgewasse was teen die verskriklike toestand wat hom begin oorweldig het nie. Daar was ook 'n

ander groot probleem – hy was tussen 'n klomp makkers in die voortsnellende trok vasgekeer en daar was ook nie 'n geskikte hol ding byderhand nie. Tussen Hammanskraal en Pyramid het hy uiteindelik gekapituleer en moes hy maar noodgedwonge die regter-mou van sy uniformbaadjie as hol ding aanwend. Gelukkig was daar net-net genoeg hol plek tussen sy regterarm en die binnekant van die mou. Plotseling was daar ook meer ruimte in die opruktrok. Aan weerskante van hom kon sy makkers nie vinnig genoeg van hom wegskuif nie. Hy het toe maar, so in sy verlatenheid, sy arm omhoog gehou en tot by die eindbestemming die vuil kyke en onvriendelike aanmerkings getrotseer. Toe die konvooi uiteindelik die eindbestemming bereik, het die vermoeide manne uit die opruktrokke geklim. Joop steeds eenkant, met sy ooglopend dikker en klam regterarm versigtig omhoog gehou.

Net toe Joop uit die trok klim, loop hy hom byna tromp-op vas teen sy distrikskommandant, wat daar gewag het om sy manskappe terug te verwelkom.

Nou-ja, soos dit 'n gedissiplineerde onder-offisier betaam, moes *Joop* die nodige eerbied aan sy distrikskommandant betoon deur hom flink te salueer – sy mou vol kots ten spyt! 'n Mens kan maar sê dat hy die aap met 'n sierlike boog uit die mou gelaat (*of eerder gegooi*) het.

Joop den Uyl, wat sy bynaam gekry het na 'n Nederlandse Eerste Minister van daardie era, het ten spyte van hierdie skandetjie, 'n suksesvolle loopbaan in die Mag vir homself uitgekerf en 'n taamlike senior offisier geword.

As iemand wil weet wat sy regte naam is, moet ek maar die bekende Engelse gesegde as antwoord aanbied: *"No names – no pack drill"*.

--ooOOoo—

AANVAL OP CENTENARY

In die winter van 1975 bevind 'n klompie SAP-manne hulle in Centenary, aan die noordooste van die destydse Rhodesië.

Op Saterdagaande was dit die gebruik om, as omstandighede dit toegelaat het, 'n "eensydige skietstilstand" te verklaar. Die manne kon dus na die week se patrollies en oorlog, so 'n bietjie "R-en-R[1]".

Ons het ons kwota van die voorgeskrewe twee biere elk ontvang en kon dan in die omgewing van die vlugbal (volley ball) baan ontspan. Daar was ook 'n soort opelug-teater, waar 'n stuk witgeverfde weermagtent gespan was en wat heel skaflik as die rolprent-doek gedien het.

Ofskoon daar 'n gees van ontspanning in die kamp was, het almal natuurlik steeds hul alomteenwoordige metgesel - hul R1-geweer - by hulle gehad ... net ingeval die skietstilstand nie deur die vyand gerespekteer was nie!

Die Bevelvoerder, 'n majoor Roberts van iewers in Natal, wat deeglik bewus was van sy pligte en verantwoordelikhede, het wel die nodige voorsorgmaatreëls getref om 'n paar gewapende wagte op strategiese plekke om die kamp gepos. *(Gewoonlik was hiérdie wagdiens eintlik strafdiens wat die wagte vir een of ander misstappie opgelê is.)*

Watter fliek vertoon is, kan ek nie onthou nie. Die manne het gou verdiep geraak in die fliek - ongelukkig ook een van die wagte, 'n kêrel vanaf Rustenburg se wêreld, wat stilletjies, met sy R1-geweer oor sy skouer, al nader aan die vertoning geskuifel het om die fliek beter te kan sien.

Wat toe gebeur het, kon die wag nie eintlik bevredigend by die latere ondersoek verduidelik nie. Dit het tydens die ondersoek aan die lig gekom dat sy duim per

---

[1] Rest and Recreation

ongeluk in die snellerbeuel beland het en hy toe sy magasyn op "snelvuur" leeggeskiet het. Gelukkig was al die skote die lug ingeskiet.

As 'n polisieman die gekletter van 'n outomatiese geweer in die "bos" gehoor het, het dit net een ding beteken ..... en dit was om dekking te soek.... en vinnig ook!

Die majoor het nogal kop gehou. Hy het onmiddellik beveel dat almal hulle *"op die double"* na die sandsak-skuilings moes haas en stelling inneem. Hy het in dieselfde asem gebulder dat die kamp se ligte afgeskakel word.

In die skielike pikdonkerte het daar pandemonium in die kamp losgebars .... die manne het teen mekaar vasgehardloop, hier en daar kon mens sien hoe gloeiende sigaretkooltjies uitmekaar spat.

'n Mens met 'n skerp waarnemingsvermoë, sou ook kon sien dat 'n paar ouens, terwyl die ander hulle na die skuilings gehaas het, nog kans gesien het om 'n paar vinnige teue te neem van die bier wat hul makkers agtergelaat het.

Die majoor het die hele tyd bevele geskree ... terwyl hy hom self gehaas na sy stelling. En in die proses in die middel van die "volleyball net" vasgehardloop ..... soveel so dat die twee pale na binne getuimel het en hom daar vasgewoel het. Niemand sal seker weet wat in sy gemoed aangegaan het nie, maar aan sy krete kon mens sweer dat hy gedink het dat die Filistyne op hom was!

--ooOOoo—

16 JUNIE 1976

Die datum 16 Junie bring verskillende herinneringe vir verskillende mense in ons land mee.

Vir sommige word Jeugdag herdenk, andere onthou weer dat dit die datum aan die begin van die vorige eeu is toe Lord Roberts opdrag gegee het dat boervrouens en kinders in konsentrasiekampe aangehou word en dat die boere se plase en alles wat daarop is, tot die grond toe afgebrand word.

Vir enige polisiebeampte wat daardie tyd in die Suid-Afrikaanse Polisie was, sal daardie koue winterdag van 16 Junie 1976 onthou word as die dag toe die grootste onrus ooit in Suid-Afrika losgebars het.

Op 16 Junie 1976 het ek, soos elke werkdag, om 06:00 by die polisiestasie op Silverton aangekom. My taak was om die selle te besoek, die registers na te sien en toe te sien dat alles reg was vir die nuwe dag se werksaamhede. Op daardie tydstip was ek al vier jaar 'n luitenant.

Op pad na die polisiestasie toe het ek gevoel dat die ergste winter aangebreek het.

Nie lank daarna nie, het Kaptein Buks Loots, die stasiebevelvoerder, 'n opdrag van die distrikskommandant in Pretoria-Noord ontvang om 'n voertuig na Mamelodi te stuur. Die stasiebevelvoerder van Mamelodi, luitenant Caldwell Mokgosi, het vir ondersteuning gevra omdat die inwoners in Mamelodi oproerig was en op plekke saamgedrom het.

Die voertuig het per radio terug gerapporteer dat pandemonium in Mamelodi losgebars het. Groepe mense het alles met klippe bestook, petrolbomme gegooi en verskeie winkels, skole en munisipale kantore was in ligte laaie.

Kaptein Loots het gelas dat ek (gewapen met my ou Webley rewolwer en ses rondes ammunisie) en ’n paar manne soontoe moes haas om vas te stel wat daar aangaan. Intussen was die onluseenheid in Pretoria-Noord besig om te mobiliseer.

In my dertien jaar as polisieman het ek nog nooit so-iets gesien nie – duisende mense het oral saamgedrom, klippe en petrolbomme gegooi, die paaie met brandende motorbande versper, winkels geplunder en veral die Bantoesake-administrasie se persele verwoes.

Ek onthou dat besope jeugdiges met kartonne drank op hul koppe, soos miere uit die drankwinkel gestrompel het.

Ek onthou ook die vernielsug en die uitdrukkings van absolute waansin in die plunderaars se oë ..... en ook die angs wat ek en die ses of sewe lede onder my bevel ervaar het – ook ons magteloosheid om enigiets te doen om die duisende plunderaars tot bedaring te bring.

Vandag, na soveel jare, glo ek steeds dat dit slegs genade van Bo was dat ons daardie oggend lewendig uit Mamelodi gekom het.

Na wat soos ’n ewigheid gevoel het, het die onluseenheid uiteindelik gekom om by my en my spannetjie oor te neem. Ons was aangesê om huistoe te gaan en ons kamoefleeruniforms te gaan aantrek en weer by die Mamelodi polisiestasie aan te meld.

Daar het ons van die een oproer-toneel na die ander geskarrel, terwyl die skares en die geweld al hoe groter geword het. Die media en televisiespanne, van oral oor die wêreld, het ook vinnig bygekom.

Wat opmerklik was, was die Valiant-taxis wat op die voorpunt van al die aksie was en wat blykbaar die skares aangepor het. Ek onthou ook die traanrook, die aanvanklike waarskuwingskote van die polisie – en wat later plaasgevind het.

Wat ek ook kan onthou, is dat ons die hele dag en nag voortgegaan het sonder om afgelos te word en dat ons sonder kos moes klaarkom.

Dit was ook snerpend koud. Ek onthou toe die son op 17 Junie 1976 opgekom het, was daar 'n boom by Waltloo stasie vol yskristalle. Die yskristalle het teen die opkomende son geskitter soos diamante. Die ys het gevorm van die sproeiwater wat uit 'n nabygeleë watertenk oorgeloop het en van die koue wind wat die sproei op die boom gewaai het.

Die volgende dag het dinge meer georganiseerd geraak. Die vrouevereenigings van die omliggende kerke en later ook die plaaslike tak van die Suiderkruisfonds het toebroodjies en groot skottels sop vir die verkluimde polisiemanne gebring. In die pakkies toebroodjies was ook kort handgeskrewe boodskappies en teksverse om die manne te bedank vir hul opoffering.

Die polisiemanne is toe ook in pelotonne ingedeel, sodat die polisietaak op 'n meer geordende wyse voortgegaan het. Die omliggende polisiestasies se reserviste het ook spontaan by die permanente lede aangesluit.

So het ek in Junie 1976 my werklike vuurdoop in die polisie ontvang – alhoewel ek toe al dertien jaar diens gehad het en ook al grensdiens in Rhodesië gedoen het, kan ek ruiterlik verklaar dat ek in daardie paar maande "groot" geword het.

Die ervarings en ontberinge wat ons en seker al die ander kollegas oral in die land beleef het, sal vir altyd in my geheue bly. In daardie paar maande het ons talle goeie, maar ook ontstellende ervarings beleef, maar wat my die meeste sal bybly is die kameraadskap, solidariteit en vriendskappe wat ons daar opgebou het.

Op 19 Augustus 1976 is ek vir die eerste keer toegelaat om huistoe te gaan ... *"om bietjie te gaan uitrus"*. Maar daardie selfde aand, die eerste keer in my eie bed en in die diepste slaap denkbaar, is ek wakker gemaak van 'n oproep van luitenant-kolonel André Smith van die Afdelingskommissaris se kantoor. Sy opdrag was dat ek die

volgende oggend by die Kollege moes aanmeld. My kamoefleerdrag moes reg wees en ek moes R50 kontant by my hê.

By die Kollege is 'n groterige groep polisiemanne in opruktrokke na die Waterklooflughawe vervoer, en in 'n Hercules vliegtuig gelaai – sonder dat ons meegedeel is waarheen ons op pad was. Toe ek vir adjudant-offisier Johnny Dreyer gevra het waarheen ons op pad was, het hy net geantwoord: "Êrens tussen Phalaborwa en Palestina" en weggestap.

Toe die vliegtuig neerstryk, ontdek ons dat ons by die Eros lughawe naby Windhoek is. Maar dis 'n ander storie.

--ooOOoo—

GRENSDIENS IN SUIDWES-AFRIKA

In die laat winter van 1976 word ek een aand deur die aanhoudende gelui van die telefoon wakker gemaak.

Ek word opdrag gegee om die volgende oggend by die Polisiekollege aan te meld, met my kamoefleerdrag en R50 kontant. Ek sou by die polisiekollege my volledige instruksies ontvang.

In 1976 was die bedrag van R50 nie iets wat mens sommer in jou beursie of by die huis rondgedra het nie. Daar was destyds nog nie outobanke nie en ons moes rondskarrel om die bedrag in die hande te kry. Uiteindelik, met die hulp van my skoonmoeder, het ons die bedrag bymekaar gekry.

Die volgende oggend by die Polisiekollege ontmoet ek nog 'n hele aantal polisiemanne. Almal van ons het al ons kamoefleerdrag en ander benodigdhede in ons rugsakke. Daar is 'n paar offisiere en onderoffisiere om vier pelotonne saam te stel. Ek was destyds 'n luitenant en ek was aangestel as pelotonleier van een van die pelotonne.

Ons is inderhaas met R1 gewere uitgereik en in opruktrokke na die Waterkloof lughawe geneem.

Toe die vliegtuig uiteindelik neerstryk, ontdek ons dat ons op die militêre gedeelte van die Eros lughawe naby Windhoek is.

In Windhoek het ons 'n dag of twee oorgebly. Ons is meegedeel dat elke peloton met 'n Land Rover na die noorde van Suidwes-Afrika moes vertrek om 'n klomp terroriste wat vanuit die noorde die land ingesypel het, te gaan voorkeer. Daar is ook vir ons gesê dat ons nie in 'n kamp sou bly nie, maar dat ons vir onsself moes sorg totdat ons taak afgehandel was.

Met elkeen se R50 wat ons saamgegooi het, het ons 'n paar sakkies mieliemeel, kondensmelk, sout, suiker, 'n driepootpot en al die nie-bederfbare kruideniersware gekoop wat nodig was om in te veld te kon oorleef. Ons het darem ook 'n paar kartondose vol "rat-packs" gekry om van te leef.

Elke peloton was met 'n TR28-radio uitgereik. Dit was ons enigste kommunikasiemiddel om met die bevelsgroep in Grootfontein en die ander pelotonne wat elders spoorgesoek het, te kommunikeer. Ons het ook radio-kontak gehad met die helikopters wat gereedgestaan het om aan die nodige lugaanvalle te doen as ons die insypelaars opgespoor het.

My peloton het bestaan altesaam nege lede. Behalwe ekself het die res bestaan uit 'n adjudant-offisier, 'n sersant en ses konstabels.

Ons moes saam met 'n klomp Suidwes-polisiemanne en 'n paar spoorsnyers, in die gebied van Omaruru, Otavi, Outjo en Grootfontein na die insypelaars se spore gaan soek.

In die loop van ons patrollies het ons by verskeie plase uitgekom waar ons baie gasvry verwelkom is. Dan het ons weer 'n slag 'n lekker bord boerekos gekry en kon ons vergeet van die "rat-packs" se voorraad.

Oral waar ons gekom het, wou die boere weet of ons al spore gesien het. Hulle was ook baie hulpvaardig en vriendelik. Ons kon sien dat hulle nie net angstig was dat ons die insypelaars kry nie, maar ook dat hulle uitgehonger was vir geselskap. Hulle het ons ook raad gegee oor die omgewing en waar die insypelaars moontlik kon skuil.

Vroeg een oggend word ons per radio gelas om na 'n sekere plaas te vertrek, om 'n patrollie te gaan doen en om die omgewing te "vee" vir spore.

Terwyl ons met die patrollie besig was, het ons op 'n kamp afgekom waar 'n trop boerbokke in was. Daar was 'n hele paar ooie met hul lammers. Omdat ons almal in harte boerseuns was, het ons die bokke vir 'n rukkie bekyk. Een van die manne merk

toe op dat daar 'n baie swak boklam verwese staan en blêr en dat sy ma hom elke keer as hy naby haar kom om te suip, weggestoot het. Dit was duidelik dat die boklam nie lank sou oorleef as hy nie versorg word nie. Die manne het probeer om die lam na die ooi toe te neem en te kyk of hy nie kan suip nie, maar die ooi het nie melk gehad nie.

Die manne besluit toe om maar die boklam saam te vat en dat hulle hom sou versorg. Hulle laai toe die boklam saam met hulle agter in die Land Rover.

Terwyl ons die omgewing met die Land Rover gepatrolleer het, loop ons die plaaseienaar raak waar hy met sy boerdery aan die gang is. Die boer stop ons en begin gesels. Terwyl die boer land en sand gesels, begin die boklam skielik agter in die Land Rover te blêr. Die manne druk die boklam se bek toe, maar so hier en daar kom daar so 'n benoude blêr te voorskyn. Ons is vrek verleë en bang dat die boer ons sou rapporteer, maar gelukkig maak die boer of hy niks hoor nie. Hy maak toe verskoning vir sy geselsery en sê ons moet seker maar voortgaan met ons werk.

Ek noem graag dat die boklam, ten spyte van ons lewe in die veld, oorleef het.

Hy is uiteindelik in die Hercules teruggesmokkel Republiek toe waar hy later een van die "mascots" van die Polisie se hondeskool geword het.

Terwyl ons met hierdie ekspedisie in Suidwes-Afrika was, was ons in 'n hele paar kontakte en noue ontkomings betrokke. Gelukkig het nie een van ons iets oorgekom nie.

--ooOOoo—

‘N VADER SE AFWESIGHEID

Hierdie storie het ek by kolonel Frik Stoffberg gehoor. Ons het saam parlementêre diens verrig.

Frik vertel dat hy ook opgeroep is vir ’n diensbeurt aan die grens.

Ek kan nie onthou of hy na die Caprivi of Rhodesië van die huis af moes gaan nie, maar hy het sy vrou en drie klein kinders by die huis gelos. Die jongste was ’n knaap wat al goed begin praat het.

Toe Frik na ses maande terug by die huis kom, sien hy dat sy jongste knaap maar bra skugter is. Hy gaan kniel toe voor die knaap en sê:

“Dag my kind, groet jy dan nie jou pa nie?”

Die outjie kyk hom aan, steek sy hand uit en antwoord:

“Dag oom, my pa is in die Bos!”

--ooOOoo—

TUISKOMS VAN DIE GRENS AF

Om in die jare sestig en sewentig 'n teleks te ontvang met die opskrif: TEENINSURGENSIEDIENSTE: SUIDWES-AFRIKA: LIMA KOMPANIE, was vir sommige lede welkom, maar andere het weer kwaai walgegooi om vir drie of ses maande van die huis af te moes gaan. Veral die getroude lede.

Dit is ook baie waar dat die vrouens by die huis dit nie ook so lekker gehad het nie.

Sersant Jan, 'n getroude man met 'n hele paar kinders, kry toe ook een dag die instruksies om by TIN-TRANSITO aan te meld vir sy beurt.

Daardie jare het die lede nie eers gedink aan verskonings, of "billike arbeidspraktyke" en sulke goed nie. Hulle het maar net hul "kit" reggekry en op die bestemde dag vir die diens aangemeld.

Sersant Jan vind homself toe by die groep "vrywilligers" wat vir ses maande "grensdiens" in Rhodesië moes gaan doen.

Toe die ses maande uiteindelik verby is, het die uitgebreide familie en vriende 'n groot familiefees gehou om die vader terug by die huis te verwelkom.

Die kinders het om hul pa, hul groot "held", gekloek en met groot oë na sy staaltjies en die terroriste wat hy beveg het, geluister.

Naderhand word dit tyd om bed toe te gaan en een van die kindertjies vra vir sy ma: *"Maar mamma, waar gaan oom Eddie vanaand slaap?"*

---ooOOoo—

NUWEJAARSDAG 1973

Dis Nuwejaarsdag, 1973. Nadat die familie die oujaar met braai, sjampanje en die sing van "Sal ons ou kennisse ooit vergeet" afgesluit het, gaan ons so teen 02:00 se kant bed toe.

Die slaap ontwyk my, want ek dink aan my kollegas op Silverton wat hul Ou- en Nuwejaar in die aanklagkantoor en patrolliewa moet deurbring.

Teen 05:00 staan ek maar op, trek my aan en klim in die motor om die ouens te gaan besoek. Dan sal ek sommer die nag- en die oggendskof se lede met die omruil van skofte kan besoek en hulle almal ook 'n voorspoedige Nuwejaarsdag toewens.

Toe ek om ongeveer 05:30 voor die polisiestasie stilhou, is dit doodstil in die aanklagkantoor. Ek sien die oop registers op die aanklagkantoor-toonbank, maar die AK-sersant, Jan Bottel, is skoonveld. Jan Bottel het daardie bynaam nie verniet gekry nie – hy het hard gewerk om dit te verdien.

Terwyl ek wag vir Jan Bottel om sy verskyning te maak, besluit ek om solank my besoek in die voorvalleboek aan te teken. Met die lees van die voorvalleboek, merk ek dat die laaste inskrywing om 03:30 gemaak is.

Vanaf die 23:30 inskrywing, het ek gesien dat die man se skrif stelselmatig agteruitgegaan het .... naderhand is daar omtrent net twee woorde op 'n reël en dan is die woorde sommer so skeef en slordig oor twee reëls geskryf. Daar is ook 'n afgryslike swart streep op die VB se bladsy, waar 'n sigaret homself op die boek uitgebrand het. En ook die kenmerkende reuk van Red Malmsey wat in die lug hang.

Die ander registers lê versprei op die tafel.

Toe ek die RAA-register nadertrek, sien ek die volgende inskrywing wat eintlik in die VB moes wees – ook in dieselfde geradbraakte handskrif oor twee bladsye gekrap:

Oordrag: AK Dienste in terme van S.O. 159 (sic) aan Konstabel Landman.

En toe 'n dik, slordige pennestreep, wat stelselmatig na die onderkant van die bladsy loop.

En daar sien ek uiteindelik vir Jan Bottel, waar sy voete vanuit 'n dossierstoor uitsteek – in 'n toestand van diepe bewusteloosheid.

In my veertig jaar in die polisie het ek nog net dié een keer gesien hoe 'n inskrywing wat eintlik in die VB moes wees, in die RAA geskryf was.

--ooOOoo—

DIE SJEBEEN

Hierdie storie het werklik plaasgevind in my tyd by die Silverton polisiestasie in Pretoria.

Die DK het van die stasiebevelvoerder verwag dat misdaad in *"sy"* wyk tot die minimum beperk moes word.

Die stasiebevelvoerder het vir my, die tweede in bevel by die polisiestasie, in beheer geplaas van misdaadvoorkoming.

Omdat die polisie, soos altyd, 'n groot tekort aan personeel gehad het, moes die administratiewe personeel, benewens hul normale take, ook vir misdaadvoorkoming aangewend word. Hierdie personeel het bestaan uit 'n nuut-aangestelde student-konstabel, wat gewag het om vir sy kollege-opleiding opgeroep te word en 'n ander groepie konstabels, sersante en adjudant-offisiere wat gewoonlik kantoorure gewerk het.

Die gebruik was dat die kantoorpersoneel elke Vrydagoggend geparadeer is en dan tot laat in die nag in hulle groepies die polisiewyk ingevaar het om al wat rondloper en leeglêer is, aan te keer. Diegene wat nie 'n redelike verduideliking vir hulle teenwoordigheid in die polisiewyk kon gee nie, het gewoonlik die naweek as gaste van die regering in die polisieselle deurgebring.

In die voorstede Silverton, Weavind Park, Meyerspark en Murrayfield was misdaad, afgesien van 'n verspreide inbraak hier en daar en so nou en dan 'n motorongeluk en geringe huismoleste oor naweke, redelik onder beheer. Natuurlik te danke aan die gereelde patrollies wat daar uitgevoer is. Ofskoon daar maar altyd 'n paar inbrake en aanrandings oor naweke in die landbouhoewes, The Willows, Tygerpoort en Zwavelpoort voorgekom het, was daar nie juis kommer oor die misdaadsituasie nie.

Die woongebied Eersterust was 'n ander storie. Dag na dag, wanneer die registers

nagesien is, moes die stasiebevelvoerder met ontsteltenis aanskou hoe misdaad in Eersterust handuit ruk. Die wetsgehoorsame inwoners het letterlik gesteier onder 'n vlaag moorde, motordiefstalle, ernstige aanrandings, inbrake en bendebedrywighede.

Na 'n deeglike analise van die misdaadsituasie, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat 'n sjebeen in die omgewing die bron van al die kwaad was. Die gemene deler by omtrent elke ernstige misdaad of oortreding was die drank wat onwettig by dié sjebeen verkoop is.

Die stasiebevelvoerder het my gelas om 'n plan te maak en om die sjebeen uit te roei.

Enige polisieman wat sy sout werd is, sal weet dat dit nie so maklik is om 'n sjebeen-eienaar te betrap wat onwettig handel dryf nie. Hierdie mense was uitgeslaap en het elke kuns in die boek geken hoe om die polisie te ontwyk. Dit was natuurlik ook nie onmoontlik dat hulle ook 'n simpatieke polisieman of twee as beriggewers aan hul kant gehad het nie. Sodra 'n groep polisiemanne aangetree het om 'n lokval op die sjebeens uit te voer, het die sjebeen-eienaar 'n wenk van sy polisie-informant ontvang. Wanneer die polisie dan op sy perseel toegeslaan het, was daar natuurlik geen teken van drank te bespeur nie. Gevolglik het 'n hele paar pogings om die sjebeens te betrap, skipbreuk gely.

Maar ons maak nog 'n plan .....

Die volgende lokval onder die strengste moontlike geheimhouding gereël. Die beplanning is net deur die stasiebevelvoerder en sy binnekring van vertrouelinge gedoen. Tot die laaste oomblik was geen ander persoon by die beplanning betrek nie. 'n Misleidingsplan het ook "uitgelek" dat 'n optrede op 'n heel ander plek uitgevoer sou word.

Anders as wat mense dink, is 'n lokval 'n hoogs ingewikkelde proses wat binne die voorskrifte van die reg gedoen moet word. As dit nie gedoen word nie, val die hele saak in die hof plat. Sonder om in detail op die volledige prosedure in te gaan, word

daar volstaan met ’n enkele voorskrif: Die nommers van die banknote waarmee die lokval gestel sou word, moes noukeurig aangeteken en in ’n geseëlde koevert in die stasiebevelvoerder se brandkluis bewaar word. Dit was nodig omdat daar later in die hof getuienis gelewer moes word dat die genommerde note wat in die dranksmokkelaar se besit gevind is, inderdaad voor die tyd in die teenwoordigheid van ’n betroubare getuie aangeteken en verseël was.

’n Paar vertrouelinge is op die laaste oomblik bymekaargemaak en het onder dekking van die nagdonkerte na die sjebeen gegaan en in die nabygeleë struike geskuil. Daar is besluit dat die jong student-konstabel as die lokvink aangewend sou word. Hy was vol ywer en hy het gewys dat hy oor die vermoë beskik het om die transaksie suksesvol deur te voer. Die beste van alles was dat hy heeltemal onbekend in Eersterust was. Omdat almal bekommerd was dat sy splinternuwe polisie-haarstyl hom sou verraai, het ons iewers ’n langhaar-pruik in die hande gekry en op sy kop gesit. Met ’n bietjie grimering, donkerbril en verslonste klere, is die student sodanig opgemaak dat hy presies in die rol van ’n onwettige drankkoper gepas het.

Die student-konstabel is ’n entjie van die sjebeen afgelaai en die handhawers van wet en orde het toe oorkant die pad in die struike vir hom gewag. Daar is gereël dat, sodra hy met sy bottel brandewyn uit die sjebeen sou kom, hy ’n teken wat vooraf afgespreek is, vir die manne in die skaduwee sou gee.

Uiteindelik het die groot oomblik aangebreek en het alles presies gebeur soos dit beplan is. Uit ons skuilplek is gesien hoe die student ewe kordaat die perseel betree. Daar was angstig gewag dat hy sy lokval stel en vir die manne die teken gee om toe te slaan.

Die manne het slaggereed in die skadu gewag, maar die student-konstabel het reguit na die groep – met ’n toegedraaide bottel brandewyn in die hand gestap – sonder om die teken te gee.

Toe die groep onverrigter sake met die student wegry, vra almal hom tegelyk en baie vies waarom hy nie die teken gegee het nie?

Sy antwoord was dat toe hy vir die bottel brandewyn wou betaal, het die Shebeen-queen vir hom gesê dat alles in orde is en dat hy nie hoef te betaal nie..... "*Vir die polisie is dit verniet!*"

--ooOOoo--

DIE POLISIE SOMERSAULT

Soos op alle polisiestasies in die Pretoria-Noord distrik, het die stasiebevelvoerder van Silverton 'n staande opdrag uitgevaardig dat al die personeel – speurders, en uniformtak, op Vrydagoggende dou voor dag aan diens tree, en dan die wyk "skoon maak." As die selle teen die aand nie vol was nie, moes ons voortgaan totdat hulle vol was.

Sersant Gert Britz het dan 'n paar manne in die "Kwêla" gelaai, deur die voorstede gery en dan stelselmatig al die kwaaddoeners en ongewenste elemente ingelaai.

Gewoonlik was die taak teen die laat middag al voltooi en dan het die stasie-bevelvoerder ons getrakteer met 'n lekker braai en 'n paar verversings. Hierdie affêre het gewoonlik geduur tot na elfuur die aand wanneer die bittereinders een vir een huiswaarts gekeer het.

My huis was nie te ver van die polisiestasie af nie en ons het 'n swembad op die erf gehad. Toe ek op pad huis toe in my truspieël kyk, sien ek 'n klomp motorligte wat my agter my aanry. By die huis aangekom, stop al my kollegas, Suiker, Rassie, Gert Booyse, Thys Naudé, Johan Gericke, Dirk de Geus en nog 'n paar en peil op die swembad af. Al die manne duik in hul adamsgewaad in die swembad en dis 'n gebaljaar en 'n gejil en allerhande toertjies wat net manne wat van 'n lekker party af kom, kon regkry.

Die volgende oggend gaan maak ek verskoning by my buurman oor die lawaai.

Ek het hom vertel dat ek dit nie so gereël het nie en dat my polisie-kollegas my op die ingewing van die oomblik (waarskynlik met Suiker en Rassie se aanmoediging), agtervolg het.

Die buurman was maar effe dikbekkerig, want hierdie gebeure het tot lank na middernag aangehou.

Hy het darem taamlik teensinnig my apologie aanvaar en ewe droogweg opgemerk:

"Dit lyk vir my julle polisiemanne kan lekker paartie hou. Maar dis eienaardig dat julle nie 'n gewone "somersault" kan maak nie .....net 'n "f....ken somersault!"

--ooOOoo--

DIE BATTERSBY HOED

Ons ouer garde sal nog onthou dat geen ordentlike speurder op straat gesien was sonder 'n deftige hoed op sy kop nie.

Ongelukkig het hierdie gebruik saam met die omies van daardie era verdwyn.

Al wanneer mens deesdae nog 'n speurder of 'n veiligheidsman met 'n hoed op sy kop sien, is wanneer hy op 'n medaljeparade sy medalje ontvang – maar selfs hierdie mooi tradisie is besig om in die vergetelheid te verdwyn.

Ek het hierdie storietjie, met 'n Battersby-hoed in die hoofrol, so 'n paar jaar gelede by een van my groot mentors, generaal-majoor Chris van Niekerk gehoor:

Ons sal maar nie persoonlik raak en name noem nie en sensitiewe persone moet maar liefs oorslaan na 'n ander storie.

'n Jong speurdertjie stel belang om met die mooi dogter van 'n waardige speurder adjudant-offisier (met 'n Battersby-hoed) uit te gaan ..... hy vra eers toestemming .... die pa sê hy kan een aand saam met hom, sy vrou en dogter na 'n dans gaan ... by die dans sit die oubaas sy Battersby agter op die "ledge" van sy ou Chevrolet Fleetmaster (hy wou nie sy mooi Battersby op die kapstok hang nie, want hy was bang die hoed raak daar weg).

Namate die dans vorder, ontwikkel 'n hartstogtelike romanse tussen die jong man en die mooi dogter – so sterk dat die twee stilletjies verdwyn het na die agtersitplek van die ou motor. Toe die hartstog op sy warmste was, kom kyk die pa wat die jong speurder met sy kosbare dogter aanvang en betrap die twee in 'n baie ongemaklike posisie. Die jong man gryp toe die Battersby-hoed om sy verleentheid te bedek – met die gevolg dat al sy hartstog in die oom se Battersby beland het .....

--ooOOoo—

DIE INSIDENT WAT ALTYD BY MY SAL SPOOK

Een dag kom daar 'n vrou van ongeveer 30 jaar oud by die polisiestasie op Silverton en vra sy wil 'n offisier sien.

Die aanklagkantoorsersant bring haar toe na my.

Nadat ek haar genooi het om te sit, het sy my vertel dat sy bang is vir haar vervreemde kêrel en dat hy gedreig het om haar dood te maak. Ek het 'n lang beëdigde verklaring van haar geneem en op die ou end vir haar gesê dat ons nie eintlik die man kan gaan toesluit nie, want hy het eintlik nog niks aan haar gedoen nie.

Ek het die vangwa na haar woonstel gestuur om die man te gaan waarsku, maar hy was nie daar nie. Ek het die vrou belowe dat ek opdrag aan die personeel aan diens sal gee om, indien sy weer kla, onmiddellik aandag aan haar saak te gee. Sy is toe daar uit, maar het my in die oë gekyk en gesê dat die man haar gaan doodmaak.

Die volgende oggend word 'n klagte van aanranding by die aanklagkantoor aangemeld en ek hoor die slagoffer is dieselfde vrou wat die vorige dag by my was. Ek jaag soontoe, net betyds om te sien hoe sy op 'n draagbaar in die ambulans gelaai word. Sy was verskeie kere met 'n mes gesteek. Ek het haar gevra wat gebeur het en sy antwoord my: "Sien jy luitenant, ek het jou gesê hy gaan my doodmaak". Sy het in die ambulans op pad na die hospitaal beswyk.

Vandag, byna veertig jaar later, sien ek nog daardie kyk in haar oë. Ek blameer myself steeds omdat ek daardie dag nie dalk iets ekstra gedoen het om die tragedie te voorkom nie.

Snaaks, haar naam kan ek nie onthou nie, maar die verwyt in haar oë sal ek nooit, ooit vergeet nie.

--ooOOoo—

KRUISONDERVRAGING

Op Cullinan was daar 'n diamantspeurder, ene Van Niekerk. (Sy seun was later 'n offisier by Tin op Hoofkantoor).

Speurder Adjudant-Offisier van Niekerk moes een dag in die streekhof getuig teen 'n berugte diamantsmokkelaar wat hy gevang het.

Die prokureur het geweet dat sy kliënt moeilikheid het en het toe alles probeer om vir Van Niekerk as 'n getuie te diskrediteer.

Na talle vrae raak die prokureur moedeloos en vra hom 'n laaste vraag:

"Meneer van Niekerk, van hoeveel diamantspeurders weet jy wat al gevang is vir diamantsmokkel?"

Maar die speurder was al 'n ou bobbejaan .... sy ketting het nie geraas nie... Hy het die prokureur net een kyk gegee en geantwoord:

"Omtrent helfte minder as prokureurs wat gevang was dat hulle bedrog met hul trustgelde gepleeg het."

Die prokureur het toe ernstig beswaar gemaak en betoog dat Van Niekerk beledigend is en 'n bespotting van die Hof maak.

Die streeklanddros het die prokureur ook 'n kyk gegee en geantwoord:

"U het hom 'n vraag gevra en hy het bloot u vraag beantwoord. Beswaar van die hand gewys!"

--ooOOoo—

’n BOS GEEL ROSE

In die winter van 1972 het die eerste polisievrouens uitpasseer en so die manswêreld van die polisie betree.

Brigadier Duveen Botha, die eerste hoof van die vrouepolisie het baie duidelik vir die stasiebevelvoerders laat verstaan dat ons nie hierdie dames in watte moes toedraai nie. Hulle was immers opgeleide polisiebeamptes en sy het verwag dat hulle ook vir enige polisietaak wat die mans moes doen, aangewend moes word. Daar word toe twee polisievrouens op Silverton geplaas. Twee Hetties nogal – Hettie Rademeyer en Hettie de Beer.

Onder die burgerlike damespersoneel wat op Silverton gewerk het, was daar allerhande negatiewe persepsies oor hierdie nuwe polisiedames. Dit het gewissel van agterdog dat hulle hul manne sou afrokkel, dat hulle te mannetjiesagtig is en nog talle ander negatiewe gedagtes. Negentig persent van hierdie persepsies het gespruit uit afguns, want die polisievroue het meer geld verdien en ook in die polisie ’n hoër status beklee.

Ons was maar onseker hoe om hierdie nuwigheid te hanteer. Hettie Rademeyer is by die vuurwapenregister geplaas en Hettie de Beer het by die Ondersoek en Navrae-eenheid ingeval. Om vir Hettie de Beer te beskerm, moes sy saam met konstabel Gert werk.

Gert se vrou Maggie, die ma van sy twee kinders, was die speurders se tikster op die tweede verdieping van die polisiestasie en kon mooi sien wat in Pretoriaweg voor die polisiestasie aangaan.

Elke keer as Hettie en Gert in die grys Volkswagen geklim het om dagvaardings te gaan dien of om verklarings te gaan neem, het Maggie die twee gesien – en die wrewel het stelselmatig in haar gemoed opgelaai, want sy was baie besitlik en jaloers op hom. Daarby was Hettie nog beeldskoon ook. Maggie het glad nie daarvan gehou dat haar man met hierdie pragtige jong meisie rondry nie. Haar agterdog het (heel onskuldig) die loop geneem en arme Gert moes elke dag onder haar toorn deurloop.

Dit was ook nie lank nie of daar het groot onmin tussen Gert en Maggie ontstaan. Soveel so, dat die Welsynsoffisier ingeroep moes word om die gemoedere te kalmeer.

Die Welsynsoffisier, kaptein Willie Wentzel, (daardie tyd was daar nie maatskaplike werkers en sielkundiges nie) het hulle ontbied. Gert het hoog en laag gesweer dat daar niks tussen hom en Hettie was nie. Nadat kaptein Wentzel mooi vir Maggie verduidelik het dat sy niks hoef te vrees nie en dat dit maar een van die dinge in die polisie is wat sy gewoond aan moes raak. Hy het uiteindelik daarin geslaag om haar gemoed te kalmeer en die paartjie is weer ewe liefies by sy kantoor uit.

Kaptein Wentzel het na die "berading" vir Gert eenkant toe geroep en vir hom gesê om 'n mooi bos blomme vir Maggie te koop. Dit sou haar hart weer sag maak en die huweliksbootjie op kalm waters hou.

Gert maak toe so. Hy gaan koop 'n pragtige bos geel rose en sit 'n mooi briefie daarby om sy ewige liefde aan haar te verklaar.

Toe hy by die voordeur instap en net voor hy die trappe bestyg om die blomme vir Maggie te gee, loop hy toevallig vir Hettie raak. Sy sien toe die bos rose en sê: "*Oe, dis mooi rose. Kan ek een kry?"* Voordat Gert kon protesteer, neem sy een van die rose en gaan druk dit in 'n blompotjie op haar tafel.

Intussen gaan gee Gert die res van die ruiker vir Maggie. En het sy nie geblom nie! Haar hart het net daar vermurwe en sy gee vir Gert 'n stywe drukkie. Sy is so oorstelp, dat sy dadelik na die ander dames op die grondvloer gaan om te gaan spog oor die pragtige bos geel rose wat Gert vir haar gegee het.

En daar sien sy die enkele geel roos op Hettie se tafel. Onmiddellik keer al die woede en jaloesie terug en sy storm terug na haar kantoor, gryp die bos geel rose en kom huil-huil by my kantoor in.

"Luitenant, vat hierdie blerrie rose!"

Ek probeer haar paai en om haar te kalmeer.

"Luitenant, as jy nie hierdie ff....n rose vat nie, gooi ek hulle in die k....huis!"

--ooOOoo—

‘N MAN SE GEUR

Een Vrydagmiddag, lank gelede, is ek in die kantoor besig om die Ongeluksregister (OR) na te sien. Saam met die lyfkwitansies en lasbriewe was dit seker van die verveligste take wat die minste vreugde verskaf het – veral op ’n Vrydagmiddag.

Terwyl ek tussen die OV-register en die lywige pak ongeluksverslae blaai om te sien of die partye se rybewys-besonderhede ingevul is, kom konstabel Eddie Appels by die kantoor ingeskuifel – sonder om te klop.

“Luitlant[2] ..... ek vra of ek ’n ..... bietjie vroëer van diensjh af ..... hik ..... kan gaan.”

Saam met hom kom ook die onmiskenbare walm by die kantoor in.

“My magtig, ou Eddie, jy ruik mos na drank!”

“Nee, Luitlant..... hik ..... ek ruik maar so!”

--ooOOoo—

[2] Sommige uitsprake vir die woord “Luitenant”

DIE YSMASJIEN OP NELSPRUIT

Dit is die jaar 1977 en ek bevind my in Nelspruit, waar ek pas aangekom het met my bevordering tot kapteinsrang.

In daardie tyd was daar by Nelspruit, veral in die polisiekantoor, nog nie juis enige tegniese vooruitgang te bespeur nie. Dit het vir my gevoel of ek my in 'n plattelandse deel van ons land bevind.

Dit was nogal eienaardig om te vind dat daar slegs 'n onderoffisierskantien by Nelspruit was. Daar was nie 'n offisiersklub nie.

'n Offisiersklub het destyds 'n belangrike deel van die sosiale sy van offisierskap gevorm. Elke offisier moes 'n tafeltenue hê en daar was ten minste elke ses maande 'n deftige offisiersbanket gehou. 'n Offisier wat sulke geleenthede vermy het, was informeel gewaarsku dat dit later *teen hom gehou kon word.*

Sodra 'n jong offisier tot die geledere van die offisierskorps verhef is, is hy baie gou deur die ouer garde nadergeroep en is die geheimenisse van offisierskap *(wat nie volledig op die offisierskursus behandel is nie)* aan hom oorgedra.

Hy is geleer dat 'n offisier nie 'n vrou het nie, maar 'n gade; 'n offisier word ook nie besope nie, hy word vermoeid; 'n offisier drink nie, hy geniet 'n verversinkie; dis taboe vir 'n offisier om te dikwels informeel met die "manskappe" te assosieer. Dit moes hy saam met 'n paar ander belangrike reëls onthou.

'n Offisiersklub moes eerstens 'n behoorlike toonbank, met 'n geelkoper trapreling vir 'n mens se voete hê. Die toonbank moes ten minste van soliede kiaathout gemaak gewees het en blink gepoleer wees. Daar moes altyd 'n paar netjiese, bypassende kroegstoele by die toonbank wees, maar ook 'n paar opgestopte gemakstoele om in te gaan sit as die vermoeienis te groot word. Alles vir die offisiere om gemaklik en

gemoedelik met mekaar te kon verkeer en om hul slimstories na werk met mekaar uit te ruil. 'n Goue reël was dat werksake nooit in die offisiersklub bespreek was nie.

Die uwe en luitenant Frans Lubbe, wat saam met my na Nelspruit verplaas is, het gou aan die werk gespring om 'n behoorlike offisiersklub tot stand te bring.

Die polisiestasie was daardie tyd 'n ou drieverdieping-gebou in Brownstraat. Op die derde verdieping was 'n paar woonstelle vir getroude lede. Ons het gou een van die leë woonstelle omskep in 'n offisiersklub. 'n Veldtog is aan die gang gesit om "borge" te kry om die plek te omskep in 'n deftige plek.

Geen koste is ontsien nie. Die kiaat toonbank en kroegstoele is by 'n reservis gekry, 'n groothandelaar het 'n volvloermat geskenk, die drankhandelaars het 'n paar mooi spieëls en yshouers met die logo's van bekende handelsmerke met ons eerste bestelling ingegooi, 'n pylskyf (*dartboard in polisie- Afrikaans)* en die ander benodigdhede is een-na-die-ander bekom. Nie lank nie, of ons kon spog met 'n pragtige, deftige offisiersklub.

Die enigste tekortkoming, as 'n mens dit so kon stel, was dat ons in daardie warm deel van die land nooit genoeg ys bymekaar kon kry nie. Die polisiemanne van Nelspruit het daardie tyd ook nog nie geweet van ysmasjiene nie. Tydens die eerste bestuursvergadering is daar besluit dat 'n ysmasjien aangekoop moes word. Na 'n deeglike bespreking het die komitee goedgekeur dat ons die sowat R800 (daardie tyd 'n taamlik aansienlike bedrag) kon aanwend vir die installering van 'n ysmasjien by die nuwe offisiersklub.

Op 'n Vrydag arriveer 'n verteenwoordiger van die ysmasjien-fabriek met die eerste ysmasjien in Nelspruit. Nie lank nadat die elektriese toevoer en waterpype gekoppel is en die krane oopgedraai is nie, het die eerste sarsie ysblokkies met 'n lekker gekletter in die ysbak geval. Ons gooi die ys in die Oude Meester-ysbakke op die toonbank. Weldra val 'n volgende sarsie ys in die yshouer. Weer skep ons en maak al die ysbakke

vol. Teen toemaaktyd werk die ysmasjien volstoom en gooi met gereelde tussenposes 'n voorraad ys in die yshouer.

Daar word besluit om die kroegman, 'n jong konstabel wat in een van die woonstelle langs die offisiersklub woon, aan te stel om oor die naweek 'n ogie oor die ysmasjien te hou. 'n Mens weet nooit wat met 'n nuwe, vreemde masjien verkeerd kan gaan nie.

Die volgende Maandag sien ek die kroegman by die offisiersklub uitkom. Hy was gehawend en sy bek was ook lekker dik. Toe ek hom vra of daar fout met die ysmasjien is, sê hy vir my dat hy die hele naweek ys uit die masjien moes skep. Hy sê vir my dat ek moet kom kyk. In sy badkamer is die bad en wasbak tot oorlopens toe vol ys. In die kombuis is beide die opwasbakke vol ys. In die waskamer is die wastrog vol ys. Hy sê dat ons maar iemand anders moet kry om die ysmasjien op te pas, want hy het die naweek nie 'n oog toegemaak nie – elke keer as hy 'n bietjie ontspan, hoor hy net die lawaai van die ysmasjien as die volgende sarsie in die bak val!

Die verkoopsman moes hom dalk vertel het dat 'n ysmasjien vanself ophou om ys te maak as die bak vol ys is.

--ooOOoo—

BRIGADIER DUVEEN BOTHA

So nou en dan dink ek aan die kostelike sêgoed uit my polisiedae.

Brigadier Duveen Botha, die eerste bevelvoerder van die vrouepolisie, was alombekend en 'n baie geliefde mens. Haar spitsvondigheid en humorsin was alombekend.

As polisie-werwingsoffisier in Middelburg in die vroeë tagtigerjare van die vorige eeu, moes ek onder meer sorg dat daar geskikte vroulike kandidate vir die polisie gewerf word. Omdat daar 'n redelike ooraanbod van kandidate was, het brigadier Duveen dit op haarself geneem om toe te sien dat net die room van die kandidate aangestel word. Sy het, saam kolonel Elise Visser en kaptein Magda Stander (nou adjunk-nasionale kommissaris), elke kandidaat persoonlik by elke afdelingshoofkantoor kom keur.

Met elke besoek van die drie hooggeëerde dames, het ek my ander helfte, Netta, versoek om 'n bord tuisgemaakte eetgoed, soos melktert en ander snoeperye te maak. Ons het die drie dames dan saam met die res van die personeel in die teekamer onthaal wanneer hulle vir 'n blaaskans verdaag het.

Met sulke pouses het brigadier Duveen ons soms vertel van die slimmighede (en dommighede) wat haar kandidate tydens die onderhoude kwytgeraak het.

Een keer was 'n pragtige jong dame maar erg senuagtig tydens haar onderhoud. Sy was beslis aanvaarbaar, haar CV was in orde, maar die spanning het duidelik die oorhand oor haar gekry.

Brigadier Duveen wou haar eers op haar gemak stel en vra haar toe of sy die (destydse) volkslied se woorde kan opsê. Die kandidaat het begin dink, maar soos dit maar dikwels onder sulke omstandighede gaan, kon sy nie die woorde onthou nie. Sy

sê toe baie angstig vir Duveen dat die woorde op die punt van haar tong is, maar dat sy dit net nie kan herroep nie .....

Duveen por haar toe 'n bietjie aan en sê toe die eerste twee woorde: "UIT DIE .....??"

Skielik gaan die lig vir die kandidaat aan.

Haar antwoord: "**UIT DIEPTES GA-ANS VERLO-O-O-ORE!**"

--ooOOoo—

’n MAN IN UNIFORM

Brigadier Duveen het een dag tong in die kies vertel dat sy haar hele lewe 'n man in uniform begeer het.

Aanvanklik was dit ’n man in ’n vloot-uniform, maar toe sy later besef het dat sy nie een gaan kry nie, sou ’n man in ’n lugmag-uniform ook goed gewees het. Ook dit was haar nie beskore nie.

Toe sy die aanstelling in die Suid-Afrikaanse Polisie gekry het, sy geglo dat sy uiteindelik ’n man in uniform gaan kry. Al was dit dan maar ’n man in ’n polisie-uniform.

Toe dit ook nie gebeur het nie, was sy nog steeds vasbeslote om 'n man in uniform te kry..... Sy het gesê dat sy op daardie stadium selfs sou *“settle”* vir 'n meterleser of ’n buskondukteur.

--ooOOoo—

DIE POSMANDJIE

By die bestuursontwikkelingskursusse was daar gewoonlik een oefening wat die kursusgangers moes doen. Dit was die "posmandjie" genoem.

In die mandjie is daar 'n klomp korrespondensie wat die kursusganger moet hanteer. Daar word veronderstel dat hy of sy die Stasiebevelvoerder op, sê maar Weltevrede, is.

Die boonste brief was 'n brief vanaf die Distrikskommandant om jou in te lig dat jy die volgende dag met spesiale diens moes rapporteer; en onder dit, 'n klomp ander korrespondensie. Die korrespondensie was doelbewus só gerangskik om die kursusganger se bestuursvaardighede te beproef.

Die tyd vir die oefening was baie skraps en mens moes kophou om die oefening binne die bestemde tyd af te handel.

Natuurlik kon dit *(na bewering)* jou ansiënniteit op die lys verbeter.

Soos jy die briewe van bo na onder moet "afwerk", is daar allerhande probleme wat opduik, byvoorbeeld die onderste een is 'n brief van die persoon aan wie jy al die take gedelegeer het, dat hy afsiek boek vir die volgende maand.

Die geheim was natuurlik dat mens eers al die briewe moes lees, dan prioritiseer en dan delegeer.

Een van ons vrouekollegas, 'n baie gespanne en "gestreste" majoor, wat die seksiehoof van die taalseksie op Hoofkantoor was, het die klassieke fout gemaak om al die briewe van bo af te hanteer en dan die nodige delegasies te doen. Totdat sy tot haar ontnugtering by die laaste brief gekom het: Daarin het die tweede-in-bevel gerapporteer het dat hy afsiek boek. Sy het verbouereerd geraak, want die tyd vir die eksamen was byna om. Sy het in haar geestesoog gesien hoe sy die toets druip en haar

bevordering kwyt is. Net daar het sy die hele posmandjie in die lug gegooi het en in trane uitgebars.

Een van die ander kursusgangers het die mandjie nadergetrek en die boonste brief begin lees. Dit het begin met: *"You are the Station Commander at Weltevrede. You are hereby instructed to report at the District Commandant's office .."*

Hy dog toe ..... *"Maggies, dis maklik ....."* hy antwoord toe: *"I am actually the Station Commander at Malamulele, and this excercise does not apply to me."*

Hy stoot die mandjie terug en verlaat net daar die eksamenlokaal.

--ooOOoo—

KOOS KOKKEROT

Een van ons baie bekende sportmanne en sy drinkebroers kuier een aand bietjie laat by die Western Hotel, langs Bobby Loftus[3] en die ou Slagpale in Mitchellstraat, Pretoria.

Toe dit toemaaktyd is, klim hulle in die kar om terug te ry na die Polisiekollege.

Niemand weet presies wat gebeur het nie, maar die kar raak die pad byster en jaag deur Koos Kokkerot[4] se venster en stop reg voor die kafee se toonbank.

Koos Kokkerot skrik hom byna uit sy geloof uit, maar toe hy die skade sien, vra hy briesend kwaad vir die insittendes:

"What the hell is going on here!!"

Ons vriend antwoord deur die stukkende voorruit:

"*Three hamburgers, please ..... no onions!"*

--ooOOoo—

[3] Die Polisie Rugbyklub se oefenveld.
[4] 'n Kafee naby die Polisiekollege, waar die student gereeld uitgeslip het om kos te gaan koop wanneer die menasie nie hulle aansienlike eetlus kon bevredig nie.

DIE BOEMELAAR

'n Polisiebeampte kry vroeër of later in sy loopbaan te doen met dronkbestuurders en ook boemelaars.

Ongeveer in 1973 op Silverton word 'n dossier vir ondersoek aan my toegewys. Dis 'n dronkbestuursaak. Die bestuurder was ene Leon Riekert. Hy het sy swaer van Jan Niemandpark se Zephyr geleen, aan die drink geraak en toe agter in iemand se motor vasgery. Meneer Riekert was so sterk onder die invloed dat die omstanders hom uit die motorwrak moes help.

Hy is net daar gearresteer en in die polisieselle aangehou tot hy die volgende dag in die Landdroshof verskyn het, waar sy saak uitgestel is vir die uitslag van die bloedmonster en die nodige polisie-ondersoek. Riekert kon nie die nodige R50 borggeld bybring nie en hy is in die Pretoriase gevangenis aangehou totdat sy saak verhoor kon word.

Toe ek Riekert in die gevangenis besoek het om sy "waarskuverklaring" te kry, was hy natuurlik nugter en baie berouvol. Hy het sy volle samewerking gegee, 'n vrywillige verklaring afgelê waarin hy erken het dat hy die motor bestuur het terwyl hy dronk was.

Aangesien die beskuldigde bekend was, die ander party sy volle samewerking gegee het, was die ondersoek binne 'n dag voltooi. Slegs die uitslag van die bloedtoets en die SAP 69 (vorige veroordelings) het kortgekom.

'n Paar dae later laat weet die SAKB dat hulle vasgestel het dat Riekert 'n hele aantal vorige veroordelings op sy kerfstok het, onder andere 'n verdere dronkbestuursaak saak in Witrivier. Omdat hy daar sy borggeld verbeur het, is 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming ook uitgereik.

Uiteindelik is Riekert verhoor en skuldig bevind. Toe hy die geleentheid gebied was om ter strafversagting te getuig, het hy sy hoogswanger vrou geroep om voor die hof te getuig dat sy en haar vier ander kinders van die honger sou vergaan as hy tronk toe gestuur moes word. Riekert se vrou het 'n baie goeie indruk geskep, beslis nie 'n verslonste vrou nie. Sy het getuig dat haar broer, die eienaar van die geleende Zephyr, haar en haar gesin uit die huis geskop en dat haar man haar en haar vier kinders en die ongebore een se enigste sorg was. Sy het verder ter strafversagting verklaar dat haar man 'n goeie man en vader vir sy kinders is, goed gekwalifiseerd is as 'n diesel-werktuigkundige en goeie geld verdien. Dis net die drank wat hom soms baasgeraak het.

Riekert het toe in die getuiebank gaan staan en die hof gesoebat vir net nog een kans. Hy het belowe dat hy vir behandeling vir sy probleem sou gaan kry en nooit ooit weer sy lippe aan drank sou sit nie. Hy het sy swanger vrou en vier pragtige kinders ingeroep en vir die agbare landdros gevra of hy dit oor sy hart sou kon kry om sy onskuldige vrou en kinders te laat ly as hy tronk toe gestuur word. Beter sou geen advokaat sy saak kon stel nie....

Wonder bo wonder het die landdros daardie dag besluit om Riekert nog net een enkele kans te gee en hom gevonnis tot 'n boete van R500 en agtien maande gevangenisstraf opgeskort vir drie jaar, op voorwaarde dat hy onmiddellik by "Staanvas" aanmeld vir behandeling teen alkoholisme.

Maar helaas, daar was nog die kwessie van die uitstaande lasbrief vanaf Witrivier ....

Toe die hof verdaag het, wou ek sy vrou en kinders saamneem en by die broer se huis gaan aflaai (ons word mos soms welsynsoffisiere ook!). Hy het gevra of hy tog nie kon saamry nie, sodat hy daar 'n paar stukkies eiendom kon kry sodat hy dit kon saamneem na Witrivier. Op pad daarheen het hy weer by my gepleit of hy net tot die Maandag by sy familie kon bly om 'n paar "backyard-jobs" te doen om 'n bietjie geld vir kos vir sy familie te verdien voordat hy na Witrivier toe moes gaan.

Ek weet nie wat my besiel het nie, maar ek het hom jammer gekry en hom maak belowe om die Maandag om 07:00 by my te kom aanmeld. Hy vra toe of ek hom nie 'n paar rand kan leen tot Maandag toe nie, want hy het niks om vir sy arme vrou en kinders kos mee te koop nie. Ek gee hom R30-00 (wat in die 70s nogal 'n aansienlike bedrag was). "Baie, baie dankie, meneer .... so help my God, meneer .... ek sal Maandag daar wees, meneer – met die R30-00."

Toe Maandag aankom, is Riekert skoonveld. Ons het by sy familie gaan navrae doen, maar hulle het kamtig van geen sout of water geweet nie.

Ek het besef dat ek probleme gaan optel, omdat ek 'n gevangene, waarvoor daar 'n lasbrief uitgereik is, sonder magtiging vrygelaat het. Ook nie lank daarna nie, skakel luitenant Coetzee van Witrivier en verneem wanneer Riekert daar gaan opdaag. Ek kom toe met die sak patats uit en vertel hom wat gebeur het. Luitenant Coetzee was baie ontsteld en rapporteer my summier aan die DK, Pretoria-Noord.

Intussen word daar in aller yl na Riekert gesoek. Die DK skakel my en gee my 24 uur om hom op te spoor, anders het hy geen keuse om 'n raad van ondersoek teen my te belê nie.

Gelukkig kry ons inligting dat Riekert in Delmas is .... ek stuur vir Gert Booyse met die grys Volkswagen om hom daar te gaan haal.

Na 'n paar ure kom Gert terug met Riekert. Saam met hom, is sy vrou, vier kinders en 'n splinternuwe, pasgebore baba.

Hierdie keer het ek geen genade nie en Riekert word summier met twee geleides op die trein na Witrivier gesit.

Gelukkig het die DK, destyds kolonel A Moss, my nie aangekla nie, ofskoon hy my behoorlik die leviete voorgelees het.

In Desember 1976 word ek na Nelspruit verplaas.

Een oggend, terwyl ek besig was om die registers na te sien, ontvang ons 'n klagte dat daar 'n dronk boemelaar op die Hoërskool Nelspruit se gronde lê.

Toe die patrolliewa die boemelaar inbring, is dit 'n vuil, verwaarloosde man wat seker dae laas gewas het. Terwyl die aanklagpersoneel hom "deur die boeke" sit, kyk hy na my en vra: "Meneer, is meneer nie luitenant Ferreira van Silverton nie?" Ek kyk na die man en ken hom glad nie. Ek antwoord dat ek wel vroeër daar gestasioneer was, maar dat ek sedertdien na Nelspruit verplaas is. Hy vra: "Ken meneer my dan nie meer nie? Ek is Leon Riekert ..... wat u destyds vir dronkbestuur aangekla het!"

Ek het hom behoorlik deurgekyk en hom toe eers herken. Ek het hom gevra wat geword het van die Witrivier saak, waarop hy my vertel het dat hy van 1973 tot ongeveer twee weke gelede in die gevangenis was. Sedert sy ontslag het hy maar in Nelspruit rondgehang en in die veld geslaap, want hy het nêrens gehad om heen te gaan nie.

Ons het hom toe in die polisieselle aangehou totdat hy "uitgedroog" het en toe maar laat gaan, maar nie voordat hy my gevra het of ek hom nie met 'n paar rand kan help nie.....hy sal dit vir my teruggee *"So help my God, meneer!"* Ek haal toe dertig rand uit my beursie en sê vir hom dat hy my nie hoef terug te betaal nie.

Ek gee dit vir hom *"for old times sake"*.

--ooOOoo—

VERSLAG AAN DIE DISTRIKSKOMMANDANT

Ek het pas my bevordering tot die rang van Kaptein ontvang.

Met die verhoogde status is ek na Nelspruit verplaas.

Dit is seker maar menslik dat my bevordering na kaptein op 'n betreklike jong ouderdom vir 'n rukkie so effens na my kop gegaan het.

Die lewe het egter sy eie manier om 'n mens weer terug aarde toe te laat kom.

Op 'n dag, kort na my aankoms op Nelspruit, moes ek 'n belangrike verslag vir die distrikskommandant opstel. Ek wou graag die distrikskommandant beïndruk met die verslag en het werklik my bes probeer om dit so sinvol en volledig moontlik op te stel. Destyds was dit nog 'n klad op jou naam as 'n verslag waarmee die distrikskommandant nie tevrede was nie, teruggestuur is.

Die verslag was met die hand geskryf en moes deur die enigste tikster op die polisiestasie getik word.

Ek het haar taamlik bars beveel om die verslag ordentlik en sonder foute te tik. Ek het haar vertel dat my verslae aan die distrikskommandant altyd netjies en foutloos getik moet wees.

Die tikster was al 'n ouerige dame en sy het nog verlang na my voorganger, wat al 'n ouerige man was en nie so veeleisend was op haar tikwerk nie.

Dit was seker ook nie vir haar lekker nou haar instruksies by so 'n vreemde, arrogante jong kapteintjie te kry nie.

Toe die verslag klaar getik in sy bruin omslag in my in-hokkie beland het, het ek dit oopgemaak en opgemerk dat dit 'n hele paar tikfoute bevat het. Ek was nie tevrede met die verslag nie en het in my voortvarendheid twee dik potloodstrepe oor die eerste bladsy getrek en die woorde, KILO ALFA KILO!! tussen die strepe in groot

swart letters geskryf. *(Almal wat in die polisie of weermag gedien het, sal weet wat die drie woorde beteken).* Ek het, sonder om met die tikster te praat, die verslag weer in haar vakkie teruggesit.

Toe die verslag teruggekom het by die tikster, het sy dit oopgemaak en my opmerking op haar tikwerk gesien. Sy het haar seker bloedig vir my vererg.

Na 'n rukkie het ek die verslag terug van die tikster ontvang. Sonder dat dit enigsins gekorrigeer is. Onder aan die bladsy was in net sulke groot letters geskryf: "KILO ALFA KILO JOUSELF!"

--ooOOoo--

.38 EN 9MM PATRONE

Ons ouer garde in die polisie sal onthou dat ons swart kollegas destyds nie met vuurwapens uitgereik was nie. Die owerhede van daardie tyd het gedink dat 'n assegaai en 'n kierie voldoende beskerming was.

In die laat sewentigerjare het dinge egter begin gevaarlik raak. Talle van ons swart polisiemanne is deur hul eie mense vermoor. 'n Hele paar swart polisiemanne se huise is met petrolbomme aan die brand gesteek en hulle het saam met hulle huisgesinne 'n wrede dood gesterf … bloot omdat hulle polisiemanne was.

Na die terroriste aanval op die polisiestasie op Soekmekaar, as ek dit reg onthou, toe die polisiestasie aangeval en van al die vuurwapens beroof is, het Hoofkantoor gelas dat swart lede bewapen moes word. Natuurlik eers nadat hulle behoorlik opgelei was in die hantering van vuurwapens.

In Nelspruit, waar ek toe gestasioneer was, was daar streng beheer uitgeoefen oor die .38- en 9mm rondes wat met die aan- en van diens-boekerey uitgereik en ingetrek was. Daar was 'n paar 9mm Walther pistole en ook 'n paar Webley rewolwers wat aan die ongetroude lede en die swart lede uitgereik was. Die rondes is op die parade in die manne se hande gesit en hulle moes met 'n ontlaaide pistool en 'n geknakte Webley rewolwer staan, waar die onderskeie rondes elkeen getel was. Op die bevel om die wapens te laai, is die rondes dan of in die pistole of in die rewolwers gesit. Soos die ou hande weet, op die oog af lyk 'n 9mm en 'n .38 ronde baie na mekaar. Maar 'n 9mm ronde pas nie in 'n Webley nie .... dit gaan net in tot omtrent by die koeëlpunt en dan steek hy vas.

Toe konstabel Mashigo nie die 9mm in sy .38 Webley kon kry nie, het hy die patroon blitsvinnig in sy hand toegevou en die Webley slegs met die 5 x .38 patrone gelaai. Hy was gepos as selwag. Die klomp selsleutels was aan 'n ou fietspedaal gekoppel, sodat dit maklik gedra en nie van mekaar geskei word nie.

Toe hy alleen die trappe afgegaan het na die selle, het hy weer probeer om die 9mm patroon in die rewolwer se kamer te plaas .... maar dit het steeds vasgesteek. Hy neem toe die fietspedaal en probeer die patroon in die kamer in te moker.....

Die aanklagkantoorsersant het 'n oorverdowende knal gehoor, die trappe afgehardloop en vir Mashigo daar tussen 'n swaar reuk van kruit aangetref ..... oë so groot soos pierings, pet agteroor op sy kop en asvaal geskrik.

Mashigo het, nadat hy weer tot verhaal gekom het, die Webley plegtig teruggegee en gevra om liewers met 'n assegaai en 'n kierie uitgereik te word.

--ooOOoo—

ONE MINUTE MANAGER

Op die Middelvlakbestuurskursus (dis nou om bevorder te word na die rang van kolonel) moes ons die ONE MINUTE MANAGER van Blanchard en Herschey behandel.

Die lesings was opgedeel in ONE MINUTE APPRAISALS, ONE MINUTE REPREMANDS en so aan.

Met die ONE MINUTE REPREMAND het die dosent ons vertel dat jy nooit 'n ondergeskikte vir langer as 'n minuut moes uittrap nie.

Maar daar was ook 'n ander kuns of twee om die uittrap suksesvol te doen....

Die kernpunt van die storie was dat as jy iemand uittrap, moet jy dit nie langer as 'n minuut doen nie, 'n kort pouse van stilte laat terwyl jy hom in die oë kyk, sodat die boodskap behoorlik kan insink, daarna die slagoffer saggies aanraak en hom met 'n positiewe boodskap laat gaan.

Nadat die dosent die teorie met die klas behandel het, het hy een van die kursusgangers gevra om die proses te demonstreer.

Kolonel Paul Brand wat destyds op Pietersburg gestasioneer was, het dadelik sy hand opgesteek en gesê hy wil 'n werklike voorbeeld wat in sy jonger dae op Louis Trichard plaasgevind het, as demonstrasie gebruik.

Een van die lede op die stasie het hom kort-kort vergryp aan Vodka, Cane en Jenewer en dan kwaai huismoles gemaak en sy vrou deur die strate gejaag.

Die SB roep hom in, trap hom goed uit, raak hom aan die skouer en laat die volgende boodskap in sy midde toe hy hom laat gaan.

"Gert, jy moenie daai wit drank suip nie .... POUSE *.....die goed maak jou mal! .....* POUSE *..... Maak soos ek ..... Suip eerder brandewyn en coke .....* POUSE *..... Dit maak mý nie mal nie! ..... Toe, boggeroff ! .....* RAAK AAN SY SKOUER ..... KYK HOM STIP IN DIE OË *.....en gaan koop vir jou vrou 'n bos blomme!"*

--ooOOoo—

RADE EN VERHORE

Ek wonder soms hoeveel polisiemanne het in hul hele loopbaan nie 'n enkele departementele verhoor, beseringsraad of geskiktheidsraad gehou nie.

Ek weet van 'n hele paar van my kollegas wat wye draaie om sulke verantwoordelikhede geloop het. Ek was een van die jong offisiere wat verhore, beseringsrade en geskiktheidsrade soos dinges aan 'n wolkombers na hom getrek het.

Toe ek na die offisierskursus op my nuwe standplaas gerapporteer het, het die spesiale afvaardiging vir my eerste verhoor al vir my gewag. Gelukkig was die aanklaer 'n bekwame sersant, wat my mooi reggehelp het. Die distrikskommandant het my verhoor sonder enige vrae bekragtig.

Daarna was ek die nie-amptelike verhooroffisier in distrik 86 (Pretoria-Noord). Ek het later goed behendig daarin geword en myself begin wysmaak dat ek die verhoorkuns bemeester het.

Toe ek weer as kaptein na Nelspruit verplaas is, het my reputasie my vooruitgeloop. Dieselfde storie. Die spesiale afvaardiging is reeds in my "inhokkie" om 'n lid wat effens afgedwaal het, weer op die regte pad kry.

Dit was een van daardie kort verhore .... ek dink daar was 'n endossement op die spesiale afvaardiging, wat min of meer soos volg gelui het: "Indien die lid skuldig pleit, kan regulasie 68 (12) (a) toegepas word. (as ek reg onthou) Dit kom daarop neer dat die verhooroffisier, sonder om enige verdere getuienis aan te hoor, die lid skuldig kan bevind en hom 'n boete van nie meer as R2-00 nie mag oplê.

Voor die beskuldigde voor my verskyn het, het ek sommer die notule klaar opgeskryf en die man met die gebruiklike boete van R2-00 (wat by wyse van kortings van die soldy van die aldus veroordeelde lid verhaal sal word) beboet.

Toe die lid en die aanklaer uiteindelik voor my verskyn, het ek baie saaklik vir die lid ingelig waarvoor hy aangekla is en dat ek hom skuldig bevind. "Jy word met R2-00 beboet. Jy kan maar gaan!"

Die lid en die aanklaer het nog ewe verstom daar gestaan, toe ek hulle weer eens meedeel dat hulle maar kan gaan, het hulle my kantoor verlaat.

Terwyl ek nog besig was om die "finale afwerking" aan die notule te doen, klop die beskuldigde aan my deur ..... 'n baie bekommerde man ....

Hy vra my:

"Kaptein, wanneer begin die verhoor dan?"

--ooOOoo—

ROOMYS EET EN BESTUUR

Op die afsluitingsfunksies van die Senior Bestuurskursusse op Graaf Reinet was dit die gebruik om 'n senior offisier van Hoofkantoor of 'n Afdelingskommissaris te nooi om die sertifikate te oorhandig en om as 'n geleentheidspreker op te tree. Dan het hulle sommer ook die geleentheid gekry om 'n paar amptelike kilo's op hulle BMWs en Mercedesse te kry en dan nog ook daarvoor 'n eis in te dien.

Met een so 'n geleentheid was dit luitenant-generaal Jan Venter se voorreg om hierdie taak te verrig.

Nadat hy die sertifikate aan die kursusgangers oorhandig het, het hy die verhaal met die kursusgangers gedeel van 'n insident wat in die laat veertigerjare op Graaff-Reinet plaasgevind het.

Die generaal vertel dat die polisiestasie op Graaff Reinet na jarelange vertoë uiteindelik 'n nuwe patrolliewa gekry het. Voordat die voertuig egter in ontvangs geneem kon word, is die sersant en 'n konstabel op 'n meganiese kursus gestuur, sodat hulle behoorlik toegerus kon word om hierdie uiters verantwoordlelike taak te kon verrig.

Toe die splinternuwe bruin patrolliewa op die stasie aangekom het, was daar behoorlik gejuig en fees gevier oor hierdie wonderlike gebeurtenis.

Nadat die stasiebevelvoerder die twee streng vermaan het om die kosbare voertuig op te pas, is die voertuig toe op eg seremoniële wyse aan die twee bevoorregte lede oorhandig en hulle trek toe statig uit die polisieterrein weg op hul eerste patrollie.

Dit was een van daardie snikhete Karoo-dae wat net 'n persoon wat al in Desembermaand in Graaff Reinet vertoef het, sal van kan getuig.

Net voor hulle op die Jansenville-pad gekom het, het die sersant wat die voertuig se bestuur het, by die kafee stilgehou en vir sy bemanning gevra om vir hulle elkeen 'n roomys te gaan koop. Hulle trek toe so lek-lek aan die roomys weg .... by die eerste draai, begin die sersant se roomys te smelt en val toe van die "cone" af. Die sersant buk toe af om te keer dat sy broek deur die roomys gevlek word en met dié raak hy die pad byster en land die splinternuwe "van" op sy sy. Toe die twee manne uit die voertuig geklouter het, het hulle darem geen beserings opgedoen nie, behalwe dalk die sersant se ego, wat 'n verskriklike knou gekry het.

Wanneer 'n voertuig beskadig is, word daar 'n skadeverslag en 'n Raad gehou om vas te stel wat die oorsaak is en wie daarvoor verantwoordelik gehou moet word.

Die bestuurder moes 'n beëdigde verklaring indien; wat op die gebruiklike .... "op 12 Desember 1947 was ek die bestuurder van patrolliewa, SAP 1812. Dit was daglig, die pad was droog en ek was nugter, by my volle verstand en vry van enige beserings." Dan die verontskuldigende stukkie: "Terwyl ek bestuur het, het dit skielik swart voor my oë geword en die volgende oomblik vind ek dat die voertuig die pad verlaat het en omgeval het."

Die bemanning moes natuurlik ook 'n verklaring indien wat min of meer moes staaf wat gebeur het. Hy het ook begin met: "Op 12 Desember 1947 was ek die bemanning op voertuig, SAP 1812. Die voertuig was bestuur deur sersant Koos van der Merwe, wat 'n behoorlik gemagtigde bestuurder van polisievoertuie is. Dit was droog, die son het geskyn en beide van ons was aan diens, nugter en vry van beserings."

Dan die uitklophou: *"Terwyl ons nog so gery het, het dit skielik swart voor die sersant se oë geword ....."*

--ooOOoo—

DIE VOOR- EN NADELE VAN EKSAMEN SKRYF

Een van die talle onderwerpe van bespreking in die Suid-Afrikaanse Polisie was nog altyd of dit die moeite werd is om aan bevorderingseksamens deel te neem, of om maar te wag vir die "vry" bevorderings wat na 'n paar jaar se siens na 'n polisie-beampte se kant toe kom.

Die pro-bevorderingseksamen aanhangers se argument was dat dit 'n jou kennis verbreed; jy darem opwaarts in jou loopbaan beweeg en dat jy, wanneer jou kinders eendag uit die skool is, hopelik kan bekostig om hulle te laat leer en dat jy eendag, wanneer dit jou tyd is om af te tree, 'n fatsoenlike en gemaklike oudag kan geniet.

Die anti-bevorderingseksamen aanhangers se argument was weer dat jy elke keer verplaas moet word as jy bevorder word en groot finansiële skade ly. 'n Mens kan nooit die verlies wat 'n verplasing meebring inhaal nie. Jy moet elke keer jou huis in die goedkoop tyd verkoop en dan by jou nuwe standplaas weer 'n huis ten duurste koop. Daar is deposito's wat mens vooruit moet betaal om jou water en ligte te laat aanskakel, jou motor moet nuwe registrasienommers kry en al die ander klein jakkalsies wat jou uitroei. Om elke keer nuwe gordyne en alles wat dit kos om jou kinders in nuwe skole te sit, maak dit net nie die moeite werd om 'n bevordering, wat maar 'n paar rand meer in jou sak beteken, na te jaag nie. Ten minste nie op die kort termyn nie.

Maar die ambisieuse manne het gedink dat die kort-termyn uitdagings op die lang termyn uitgeskakel sou word.

Dan was daar ook ander uitdagings wat sommige polisiemanne moes konfronteer. Al was hulle nie juis gretig om eksamen te skryf nie, was daar van hulle eggenotes wat hulle gedruk het om te studeer sodat hulle nie vir ewig 'n konstabel of 'n sersant se vrou hoef te bly nie. Veral vir die ambisieuse dames, wat self gewerk en in hul eie beroepe gevorder het, was dit nie lekker om te kon sê dat haar man al vir jare in een rang vasgesteek het nie.

Daar was ook die polisiemanne wat in die platteland gestasioneer was en naderhand 'n lappie grond met 'n klompie vee op gehad het. Die lappie grond en bietjie vee het dan met die tyd so uitgebrei dat 'n sersant finansieel baie beter daaraan toe was as 'n kolonel in die stad. Daar was ook ander faktore wat gehelp het dat die bedryfskoste van die boerdery redelik laag gehou kon word. Dit was byvoorbeeld nie nodig om 'n bakkie vir die boerdery te koop nie. Die polisie vangwa en petrol was mos verniet. Waarom sou hy dan aan 'n eksamen wou deelneem om dit alles te verbeur?

Een van my vriende wat 'n paar jaar gelede in Oudtshoorn gestasioneer was, het my vertel van 'n sersant op een van die klein stasies in die Suid-Kaap. Hy het al meer as twintig jaar diens gehad, was 'n bekwame en toegewyde stasiebevelvoerder op 'n tweemanstasie, maar hy het verseg om aan 'n eksamen deel te neem. Sy vrou, aan die ander kant, was 'n verpleegster wat baie toegewyd aan haar beroep gewerk het. Sy het met die verloop van tyd al die eksamens wat 'n verpleegster kon aflê, geslaag. Hoe beter sy met die studies gevaar het, hoe meer het sy op haar man se nek gelê om saam met haar te studeer, sodat hy ook vorentoe in sy loopbaan kan beweeg. Maar hy het net verseg. Hy was gelukkig op sy stasietjie en niks kon hom beweeg om die boeke nader te trek nie.

Toe die vrou naderhand 'n doktorsgraad in verpleging behaal het, het sy haar man weer ernstig aangespreek. As hy nie dadelik 'n plan maak om aan die bevorderings-eksamen deel te neem nie, gaan sy aansoek doen om 'n pos in die Kaap, waar sy na behore na waarde geskat kan word vir haar kwalifikasies.

Dan het my maar net sy skouers opgetrek en gesê:

"Ai toggie, toggie ..... waarom moes ek benede my stand gaan staan en trou het?"

--ooOOoo--

DIE PIENK SAKKIE

Een van die interessante bure wat in Nonqgaipark oorkant ons gewoon het, was ’n kolonel wat ek eerder nie by sy naam gaan noem nie. Die meeste van sy kollegas en werksgenote het hom sommer “Kolonel Pa” genoem. Waarskynlik omdat sy voorletters PA was.

Kolonel Pa het hom nie veel aan wêreldsgoed gesteur nie en hy het vir baie jare met ’n afgeleefde ou Chevrolet 2500 gery.

Naweke het ’n mens hom sien werskaf in sy ou blou en oranje polisie-sweetpak, met sy bruin handdoekslippers, by sy lappie spinasie en ertjies agter sy woonstel. Sy boesemvriend, “Sir Richard Louw”, oftewel ’n bottel Richeleau, was sy alomteenwoordige geselskap, maar hy het niemand gepla nie.

Kolonel Pa was een van daardie saggeaarde, geliefde offisiere wat vir die meeste van sy ondergeskiktes ’n ware Pa-figuur was.

Almal by sy werk het na hom gegaan wanneer hulle probleme gehad het.

Een so ’n dame wat saam met hom by die DK-kantore gewerk het, het een dag haar lot by hom bekla dat sy en haar man diep in die skuld was en dat die balju hul motor en ander eiendom in beslag wou neem. Dan het haar man haar boonop nie goed behandel nie. Om daardie rede kon sy nie meer op haar werk konsentreer nie en het die lewe geen vreugde meer vir haar gehad nie. Sy het sommer gesê dat sy haar polse wil sny.

Kolonel Pa het geduldig na haar geluister, haar aangeraai om saam met haar man na hul skuldeisers te gaan om ’n plan te maak om die skuld te konsolideer en ook sommer ook ’n huweliksberader te gaan sien. *(Kolonel Pa het nie geglo aan die kapelane en maatskaplike werkers wat in die SAP se diens was nie.)*

Nie lank daarna nie, is die vroutjie in die senuwee-kliniek opgeneem, waar sy vir drie weke met die sakkie *“pienk moetie”* gedokter is. (In die 80s en 90s was dit nogal ’n

taamlik algemene ding dat die lede wat 'n *"stres-medies"* wou trek, so 'n draai by die spesifieke kliniek gaan maak het).

Toe die dame na haar behandeling terug by die kantoor was, het sy heel eerste na Kolonel Pa gegaan.

Kolonel Pa het haar toe gevra of die behandeling gehelp het.

Sy het hom vertel dat sy soos 'n nuwe mens voel en dat sy nou weer die lewe in die oë kan kyk.

Hy stel toe sy strikvraag: "En is julle skuld nou ook betaal?"

"Whaaaaaaaaaaa!", tjank sy.....

--ooOOoo--

DIE DINGE WAT 'N POLISIEMAN IN SY BEROEP TEEKOM

'n Stasiebevelvoerder op die platteland het nogal baie verantwoordelikhede. Een van daardie verantwoordelikhede is die talle buitedepartementele dienste wat hy moet nakom. In sommige gevalle, soos 'n natuurlike sterfte, kon ons selfs namens die Departement Binnelandse Sake 'n sterfsertifikaat en 'n order uitreik om 'n oorskot van die een landdrosdistrik na 'n ander te verwyder en ook dit te laat begrawe. Ons het sommer van "removal warrants" en "burial orders" gepraat.

In Desember 1979 was ek by die polisiestasie in Phalaborwa besig om kampinspeksie te doen. Die mense wat daardie wêreld ken, sal weet dat daar in die somer net 'n sifdraad tussen Phalaborwa en die hel is, so warm word dit daar.

Terwyl ek met my taak besig was, het daar 'n wit Mercedes met vier passasiers by die polisiewerf ingery.

Ek begin myself eers vererg, want mense ry mos nie sommer by die polisie se werf in nie.

Toe ek mooi kyk, sien ek 'n jongerige man wat die motor bestuur, met 'n bejaarde man wat so skeef op die passasiersitplek langs hom sit. Agter in die motor het 'n jongerige vrou en 'n bejaarde dame gesit. Hulle het duidelik ontsteld gelyk en ek het nader gestap om te hoor wat die probleem is.

Toe eers, sien ek dat die oubaas in die voorste passasiersitplek dood is.

Die jong man vertel my toe dat hulle in die Kruger-Wildtuin met vakansie was en dat sy skoonvader in die Letaba-ruskamp skielik aan 'n hartaanval beswyk het. Hulle vertel verder dat hy 'n afgetrede landdros van iewers in die Wes-Rand was.

Weens die trauma, was hulle geskok en hartseer en wou sommer met die oubaas in die motor huis toe ry. Die familie het net by die polisiestasie aangedoen om te vra vir 'n permit om die oubaas se oorskot na Roodepoort te vervoer.

'n Mens kry dadelik in so 'n geval deernis vir sulke mense. Ek het gesien dat hulle almal erg getraumatiseer was. In sulke omstandighede dink die mense nie altyd rasioneel nie en ek kon hulle nie toelaat om al die pad vanaf Phalaborwa na Roodepoort te ry met hul oorlede vader wat so skeef op die sitplek vasgegordel was nie. Weens die somerhitte kan 'n mens ook nie onnodig met 'n lyk sloer nie. Ontbinding tree binne 'n paar uur in.

Hulle het gesê dat 'n familielid van hulle in Machadodorp bly en dat dié 'n bakkie het, maar dat hulle hom eers moes vra of hy kans sou sien om die oorskot in Phalaborwa te kom haal en dan na Roodepoort te vervoer.

Hulle het die familielid uit my kantoor geskakel en hy het dadelik ingestem om die vier ure se ry na Phalaborwa te onderneem om die oorskot te kom haal.

Ons het intussen die oubaas in die polisie-lykshuis geplaas, waar die nodige geriewe beskikbaar was om die oorskot koud te hou. Verder is hulle na die Impala Hotel geneem waar hulle rustig vir die familielid kon wag.

Toe die bakkie met die oorskot en die Mercedes met die drie bedroefde passasiers later die dag in die pad na Roodepoort geval het, het ek nogal daaraan gedink dat die polisie dalk nie so verskriklik goed betaal nie, maar dat 'n polisieman se werk darem 'n interessante beroep is.

--ooOOoo—

DIE POACHERS VAN PHALABORWA

Van my beste twee jare in die Mag was toe ek as stasiebevelvoerder na Phalaborwa verplaas is. Aanvanklik was ek diep beswaard om daardie teleks te kry, maar ons het baie gou by die myndorp aangepas en ons tydperk daar geniet.

Nou, die mense wat Phalaborwa en omstreke goed ken, sal weet dat dit jagwêreld, maar vernaamlik ook "poach-wêreld" is. As 'n mens in die winter op jou stoep gesit het, het dit soms soos 'n klein oorloggie na die Wildtuin se kant toe geklink soos die 30-06-skote geklap het. So nou en dan ook 'n R1-skoot wat uit die polisiestasie se kluis "geleen" is.

Ja, sommige polisiemanne, regte Nimrods, het ook maar geswig vir die baie koedoes, rooibokke en ander diere wat oral in die omgewing rondgeloop het. Hulle het hul jaglus verdedig dat wild aan niemand behoort nie en dat die Liewe Heer dit spesiaal vir hulle daar gesit het.

Een van die gewilde jagplekke, was Letaba Ranch, 'n staatsplaas, wat spesiaal vir die Staatspresident, ander bevoorregte grootkoppe en hulle jagvriende beskikbaar was. Die bestuurder van Letaba Ranch, was oom Steve Kruger. Uit die aard van sy taak, het hy gereeld by die polisiestasie aangedoen om klagtes van onwettige jag, stel van strikke en sulke sake aan te meld. Hy was 'n regte polisievriend en het ons nou en dan, seker teen die reëls, genooi om 'n vlakvark of 'n rooibok op die Ranch te kom skiet. Die enigste voorwaarde was dat 'n mens darem eers 'n persoonlike uitnodiging van hom moes kry. Maar die manne het hulle soms tydens patrollies in die omgewing, onwillekeurig in die rigting van Letaba Ranch gevind. Gewoonlik was daar ook 'n R1 geweer agter die patolliewa se sitplek ... net vir selfbeskerming, natuurlik.

Op een winteraand is dit weer so. 'n Opperman-kêrel en sy bemanning kom op 'n pragtige koedoe af en hy kan die versoeking nie weerstaan nie. Hulle lê aan, die skoot klap en die koedoe bly lê.

Skielik gaan daar 'n klomp soekligte van Oom Steve en die manne van Fauna en Flora aan en hulle hoor net die bevel: "Stop of ons skiet!" Die twee manne skrik hulle boeglam en jaag in 'n groot stofwolk weg. Gelukkig word daar nie op hulle geskiet nie.

Die volgende dag kom kla oom Steve dat een van ons manne met 'n geel Dodge vangwa onwettig op die Ranch gejag het. Hy het die twee polisiemanne in die skynsel van die soeklig gesien en hy wil 'n saak maak. Dit was redelik maklik om die verdagtes te identifiseer, want dit was Phalaborwa se Dodge vangwa en net twee lede was daardie aand op patrolliediens.

'n Uitkenningsparade word die volgende dag gehou en die twee verdagtes word op die parade geplaas.

Oom Steve is die enigste getuie wat die manne kan uitken en hy word ingebring en verduidelik dat hy eers die manne op die parade mooi moet deurkyk. Dan moet hy hulle uitwys deur aan hul skouers te raak. Oom Steve het ingekom, heen en weer verby die manne geloop en voor elkeen gaan staan, eers die een stip in die oë gekyk en toe die ander een totdat die sweetdruppels van hul gesigte geloop het. Die Engelse het 'n goeie spreekwoord" *"If looks could kill!"* Daarna het hy na die ondersoekbeampte gekyk en verklaar:

"Nee, ek kan niemand op die parade uitken nie!"

--ooOOoo—

DAGGA STORIE UIT DIE OU DAE

Ek en Netta was 'n hele ruk gelede by die jaareindfunksie van die generaalsklub, bestaande uit die afgetrede generaals en hul gades van die ou SAP.

Die meeste van ons is in ons sestiger of sewentigerjare ..... maar daar is ook al 'n paar van in die tagtig en enkeles selfs in die negentig.

Ofskoon van ons ouer kollegas al hoogs bejaard is, kom hulle nog graag na hierdie byeenkomste, want daar kan hulle lekker met hulle ou kollegas kuier en oor die ou dae gesels.

Ons gesels toe met 'n ou tannie McDonald, wie se man, oud-generaal-majoor McDonald al in die tagtig is. Al het hy al 'n beroerte of twee gehad, het hy nog graag die byeenkomste bygewoon.

Sy sê toe sy wens hy kon al sy stories van sy loopbaan boekstaaf, want hy kon só lekker daaroor vertel. Hy het altyd gesê hy sal dit later doen. Nou is hy nie meer met ons nie en sal al daardie lekker stories helaas verlore gaan. (*Almal van ons kan seker dieselfde sê!).*

Sy vertel ons toe een van sy stories wat ek baie geniet het:

Konstabel Mac en 'n makker was in die Kaap op voetpatrollie toe hy twee ooglopende "gangsters" van die teenoorgestelde rigting sien aankom ..... hy sien toe een van hulle gooi blitsvinnig iets in die gras toe hy die polisiemanne gewaar.

Hy beveel hom om die pakkie op te tel.

Toe hy dit opgetel het, vra hy hom: "Wat is in daardie pakkie?

Die kêrel sê dat dit net die toedraai-papiere van sy fish en chips is.....

Hy word aangesê om die pakkie oop te maak .... en daar's natuurlik dagga in die pakkie.

Hy vra toe vir die kêrel ..... "Ja en wat sê jy nou??"

Die man antwoord: *"My Kroon, dan moes dit seker per ongeluk in die fish en chips winkel omgeruil gewees het!"*

--ooOOoo—

AKASIAPARK

As ek terugdink aan my loopbaan, het die voorsienigheid soms ander planne met ons gehad as wat ons gedink het.

In 1984 het ons in Middelburg (Transvaal) gewoon. Op daardie stadium het ons twee kinders, 'n dogtertjie van drie en 'n seuntjie van 'n jaar oud gehad.

Ek was reeds ingelig dat my oorplasing na die destydse tuisland, KwaNdebele, goedgekeur is. Ons sou na Marble Hall moes verhuis. As sy kon kies, sou sy baie eerder na Pretoria toe wou gaan. Baie van ons familielede het in Pretoria gewoon, en ons het nog altyd gehoop om een dag weer soontoe te kon gaan.

Terwyl ons nog gewag het vir die goedkeuring van die tender om ons meubels na Marble Hall te vervoer, het ons kapelaan, ds. Connie Solms een middag by my kantoor ingekom. Hy het my baie vertroulik vertel dat die Kommissaris se kantoor in Pretoria hom versoek het om 'n geskikte majoor te identifiseer om by die kommissaris se personeel as sy stafoffisier aan te sluit. Hy het gevra of ek sou belangstel. Dit sou beteken dat die verplasing na Marble Hall afgelas sou word, en dat ons na Pretoria toe moes verhuis.

Dit was nie eers vir my nodig om vir Netta te vra of sy eerder Pretoria toe wou gaan nie.

Die volgende dag moes ek by die Kommissaris se kantoor in kamer 1011, Wachthuis rapporteer vir 'n onderhoud. Die onderhoud was gevoer met die destydse luitenant-kolonel Tertius Calitz, wat op die punt was om bevorder te word tot kolonel. Hy met 'n rukkie met my gesels, my ondervra oor my vaardigheid om memoranda op te stel en my vermoë om mondeling en skriftelik in die Engelse taal te kommunikeer. Die hoofdoel van die onderhoud was eintlik om my deur te kyk en of hy gedink het dat ek sou pas by die personeel. Hy het my ook gewaarsku dat ons vir ses maande in die Kaap en ses maande in Pretoria sou moes woon. Dan het hy my ook by voorbaat

gewaarsku dat ek vir lang ure sal moet werk. By die Kommissaris se kantoor is daar nie so 'n ding soos verlof neem wanneer die parlement in sitting is nie.

My verantwoordelikhede sou wees om eerstens as die Kommissaris se stafoffisier op te tree, maar ook om op die hoogte te bly van alle pos, memoranda, telekse en telefoonoproepe wat vir die kommissaris bestem sou wees. Sy dagboek, afsprake, reisreëlings en ook baie van sy persoonlike sakies sou dan my verantwoordelikheid wees.

Die verplasing sou meebring dat 'n gerieflike woonstel, Nonqgaipark in Lynnwood, Pretoria aan ons toegeken sou word en dat ons vir die duur van die parlementsittings in 'n gemeubileerde woonstel in Akasiapark, Kaapstad sou bly. Beter as dit kon dit nie wees nie!

Na die onderhoud het hy my vlugtig aan generaal Johann Coetzee voorgestel. Ons het vir 'n rukkie gesels en dit het vir my gevoel of ons dadelik aanklank met mekaar gevind het. Ek is toe baie opgewonde terug Middelburg toe.

'n Dag of twee later het die teleks inderdaad gekom dat my verplasing na KwaNdebele afgelas en dat my verplasing na Hoofkantoor (Parlementêre Personeel) goedgekeur is. Die nuwe verplasing moes so gou doenlik uitgevoer word.

Daardie aand was daar groot opgewondenheid in die Ferreira-huis. Ons was baie dankbaar dat die voorsienigheid dit so bepaal het dat ons eerder Pretoria toe kon gaan. Netta ek en ons twee kinders het in Oktober 1984 na Pretoria verhuis. Ons het uitgesien na die nuwe uitdaging om tussen Pretoria en die Kaap te pendel. Vir die volgende drie maande het ons onsself tuisgemaak in Nonqgaipark en dadelik voorbereidings begin tref vir die skuif na Kaapstad. Netta moes sorg dat daar voldoende huishoudelike artikels, soos 'n wasmasjien, tuimeldroër, eetgerei en kombuisware ingepak word om Kaap-toe te neem.

In die eerste week in Januarie het ons per trein Kaap toe vertrek. Met twee woelwaters moes ons tydens die treinreis bontstaan om hulle op te pas, maar ons het uitgesien na die nuwe uitdaging. Ons motor is 'n dag te vore ook per spoor na die Kaap vervoer en toe ons gesinnetjie by die Kaap aangekom het, het die motor al reggestaan vir ons.

Akasiapark is seker een van die beste plekke in die land om in te bly. Hoewel ons eerste blyplek nou nie juis van die modernste was nie, was dit goed genoeg vir ons vier. Dit is ook 'n paradys vir kinders. Hulle kon vry en veilig in die park speel en rondbeweeg. Ons was nie bekommerd dat 'n motor hulle sou raakry nie. Die inwoners het geweet dat daar baie klein kinders in Akasiapark was en almal het stadig en versigtig gery.

Die inwoners van die park het onder meer bestaan uit die parlementslede wat al die kiesafdelings in die land verteenwoordig het. In die park was daar geen nydigheid tussen die parlementslede van die NP, PFP NRP en die KP oor die verskillende politieke standpunte wat hulle gehuldig het nie. Die meeste inwoners was natuurlik die amptenare wat by die onderskeie ministeries en DGs se kantore gewerk het.

In die park was daar 'n laerskool wat die Transvaalse leerplan gevolg het. Die skoolhoof en onderwysers het ook, net soos ons, sesmaandeliks tussen Pretoria en die Kaap gependel. Daar het die kinders, of hulle nou amptenare s'n of parlementslede s'n was; of Afrikaans of Engels was, lekker saam skoolgegaan. Waar hulle pa's mekaar dikwels in die parlement in die debatte gekarnuffel het, het hulle ewe gemoedelik saam met die opposisie hande geklap wanneer die kinders in die skoolkonsert opgetree het.

Ek onthou dat een van die Engelssprekende en voorste PFP-parlementslede se dogtertjie heerlik saam met ons boerekinders aan die Voortrekkers behoort het. Meneer Vause Raw, die NRP-parlementslid was weer die voorsitter van die Akasiapark rugbyklub. Ek dink nie die manne was juis ernstig oor die rugby nie, maar die klub was die plek waar hulle lekker gekuier het.

Terwyl ek gewerk het, het Netta betrokke geraak by die damesklub wat uit die parlementariërs en amptenare se vrouens bestaan het. Sy het ook blywende vriendskappe gesmee met ander vrouens. Die damesklub, of Lappiesklub, het allerhande sosiale geleenthede en interessante uitstappies gereël en hulle het die aktiwiteite baie geniet. Netta het die onderskeiding behaal om die eerste polisieman se vrou te word wat tot voorsitter van die Lappiesklub verkies is.

Akasiapark het ook elke jaar 'n burgemeester gekies. Die burgemeesters was om die beurt 'n parlementslid en die jaar daarna 'n amptenaar. Die groot okkasie elke jaar, was die burgemeesters-onthaal. Die vrouens het ook graag die klerefabrieke en ander plekke in die Kaap gaan verken.

Op 'n keer het Netta en twee van haar vriendinne inkopies in die Kaap gaan doen. Toe hulle by die winkel uitstap, het elkeen 'n groot plastieksak met papierborde en ander weggooibare eetgerei in hulle hande gehad. Dit was een van die dae wat die Kaapse Dokter vir 'n vale gewaai het. Toe die drie van hulle om 'n hoek kom, het 'n rukwind vir Netta skielik van agter gevat en met plastieksak en al, met 'n groot spoed vorentoe gewaai. Terwyl sy met kort treetjies en 'n stywe rug met haar hakke in die grond probeer rem het, het die ander twee hulle byna histeries gelag. Nadat Netta omtrent dertig meter verder tot stilstand gekom het, het 'n nóg sterker rukwind weer die ander twee geskep en hulle verby Netta gewaai. Dit het so 'n gelag afgegee dat hulle maar huis toe moes kom. Toe ek die aand van die kantoor af gekom het, het Netta haar steeds gebreek van die lag. Die Kapenaars sê dat die wind kan soms baie sterk en onvoorspelbaar wees. As 'n mens in die etensuur gou by Stuttafords wil ingaan, waai die wind jou sommer by OK Bazaars in!

Dit is insidente soos hierdie wat die vier jaar parlementêre diens so 'n wonderlike tyd in ons lewe gemaak het.

In die kantoor was dit baie bedrywig. Die onluste in die land het in felheid toegeneem en die daaglikse veiligheidsverslae, telekse en vrae in die parlement het ons byna

daagliks tot laataand besig gehou. Maar tussen alles was daar ook dinge wat ons geniet het.

Een van die senior personeellede was voorheen in die Paarl gestasioneer. Hy het nog al sy kontakte daar gehad en hy skakel een dag 'n ou kollega en vra of hy nie dalk 'n bietjie droëvrugte vir hom in die hande kan kry nie. Nie lank daarna nie, word 'n kartondoos met droë vrugte by die kantoor afgelaai. Een van ons jonger lede begin toe die kartondose uitpak en verdeel die inhoud eweredig tussen die personeel. Alles word mooi in pakkies opgemaak en elkeen se naam word op die pakkies geskryf. Met die uitdelery kry generaal Swart ook sy pakkie droëvrugte en vra waarvandaan dit gekom het, want hy verwag ook 'n besending droëvrugte uit die Paarl. Hy sou toe eers uitvind dat dit sý droëvrugte is wat kaptein Jackson so lekker onder ons almal uitgedeel het. Die generaal het die arme man se kop vir hom gewas en beveel om alles weer terug te kry. As ons droëvrugte wou hê, kon ons dit self reël. Die enigste probleem was dat ons almal toe al lekker weggelê het aan die heerlike droëvrugte!

Die KWV het ook 'n kwota vir al die ministers en departementshoofde gegee. Hoewel die KWV-kwota nie "op die huis" was nie, kon die drank teen 'n spesiale afslag gekoop word. Daar het ons vir die eerste keer kennis gemaak met 5-jaar KWV, Roodeberg, Bonne Esperance en al die ander uitvoer-KWV wyne.

Generaal Coetzee het in 1986 afgetree en is opgevolg deur generaal Hennie de Witt. Hoewel dit twee generaals se persoonlikhede hemelsbreed van mekaar verskil, het ek baie lekker saam met beide van hulle gewerk.

Generaal Coetzee was 'n wysgeer wat soms ver bokant ons gewone mense gedink het. Hy was 'n sjarmante mens en by uitstek 'n diplomaat. Generaal De Witt daarenteen, was 'n ekstrovert en baie joviale mens.

Toe ek in 1984 by die parlementêre personeel begin werk het, was minister Louis le Grange die Minister van Polisie. Hy is later opgevolg deur minister Adriaan Vlok.

In die vier jaar wat ek parlementêre diens gedoen het, het baie opsienbarende dinge gebeur.

As ek aan 'n paar insidente kan dink, is dit die "Trojaanse Perd" insident in die Kaap, die vliegtuig van president Samora Machel wat neergestort het; ook die Helderberg wat neergestort het; die gepoogde staatsgreep in Bophutatswana; die talle "halssnoermoorde"; die insidente by KwaNobuhle en Langa en al die ander aaklige dinge wat tydens die onluste plaasgevind het. Dit was interessante tye en ons het byna elke dag gewerk dat ons byna neergeslaan het. Maar dit was opwindend en daar was nooit 'n vervelige oomblik nie.

Tussen al hierdie werkery was ek nog besig om by Unisa te studeer.

In 1985, op veertigjarige ouderdom, is ek ook bevorder tot die rang van luitenant-kolonel. Ek onthou dat minister Louis le Grange spesiaal na my gekom het om my hand te skud en geluk te wens. Hy was 'n ware heer.

Die vier jaar het vir my die insigte gegee wat nie vir almal in die polisie beskore is nie. Ek het gesien hoe die land se leiers se koppe werk en hoe hulle opgetree het. Ek dink stellig dat hierdie ondervinding my goed te staan gekom het in my verdere loopbaan in die Suid-Afrikaanse Polisie.

--ooOOoo--

DIE MIDDELBURG SAGA

In Middelburg (Transvaal) was ek die werwingsoffisier vir die Afdeling Oos-Transvaal. My primêre taak was om studente vir die Afdeling Oos-Transvaal te werf, maar ek was ook verantwoordelik om met elke uitpassering, die kwota jong konstabels wat aan die Oos-Transvaal toegewys is, by die polisiekollege in Pretoria te gaan haal.

Soos almal weet, was daar ook 'n dorp met die naam Middelburg in die Afdeling Suidwestelike Distrikte in die eertydse Kaapprovinsie.

In Middelburg in die Karoo was daar 'n kaptein. Sy seun Jannie, het by die Mag aangesluit.

Toe die einde van Jannie se opleiding nadergekom het, het die trotse vader 'n ou troepmaat van hom, 'n adjudant-offisier by die Finansiële Administrasie in Hoofkantoor, geskakel en verneem of hy dalk 'n plan kan maak dat Jannie by Middelburg (K) geplaas word.

Die adjudant offisier het die vader belowe dat hy sal kyk wat hy kan doen. Hy het op sy beurt weer een van sy kollegas by die verplasingseksie genader en die student se magnommer, peletonnommer en al die nodige besonderhede aan hom gegee en gevra dat sy ou troepmaat, 'n kaptein in Middelburg, hom mooi gevra het of hy nie sy seun by Middelburg kan uitplaas nie. Die kollega het belowe dat hy 'n plan sou maak.

Toe ek en my span die dag van die uitpassering by die Kollege aangekom het, het ons 'n naamlys van die nuwe konstabels wat aan Afdeling Oos-Transvaal toegeken is, ontvang. Die jong konstabels het ook die vorige dag gehoor waar hulle geplaas sou word en het na die parade met hul trommels en toerusting by die opruktrokke aangemeld. Toe ons die lys kontroleer, kom ons agter dat ons een student kort is.

Jannie se vader, die kaptein van Middelburg (Kaap), het toe met 'n skok ontdek dat Jannie na die *"verkeerde"* Middelburg uitgeplaas is. Hy het naarstigtelik rondgeskarrel om te probeer verduidelik dat daar iewers 'n fout ingesluip het. Hy het verduidelik dat sy ou troepmaat, die adjudant offisier in Hoofkantoor, hom verseker het dat hy na Middelburg (Kaap) verplaas is.

By die Kollege personeel het die kaptein helaas nie 'n simpatieke oor gevind wat wou luister nie. Volgens hulle moes Jannie na Middelburg (Transvaal) gaan. *Oor en uit!* Die kaptein het sy ou troepmaat in die hande probeer kry om sy storie te staaf, maar toe dié hoor wat aan die gang was, het hy soos 'n groot speld verdwyn.

Die pa was natuurlik bitter ontsteld en het gedreig om maar eerder Jannie se ontslag te neem, want om sy Karoo-kind na die Hoëveldse steenkoolvelde te sien gaan, was vir hom ondenkbaar. By die dienskamer kon hulle egter nie regkom om Jannie se ontslag te koop nie, want hy was toe reeds aan Afdeling Oos-Transvaal toegewys. As hy sy ontslag wou neem, moes hy dit dáár gaan doen.

Die uiteinde van die saak was dat die ongelukkige vader moes toesien hoe sy taamlik bedremmelde seun maar agter in die opruktrok geklim en na Middelburg (Transvaal) vertrek het. Die kaptein het die stomme seun probeer gerusstel dat hy die saak persoonlik met die Kommissaris sou opneem.

By Middelburg (Transvaal) aangekom, het die Afdelingskommissaris sy nuwe aankomelinge persoonlik verwelkom en hulle toe na die stasies waar die nood die hoogste is, uitgeplaas.

Jannie is na die polisiestasie op Ogies verplaas. Teen daardie tyd het Jannie sy lot soos 'n lam ter slagting aanvaar en maar gehoop dat sy pa die misverstand uit die weg sou ruim.

Mens kan maar net wonder hoe die kaptein se kollegas in Middelburg (Kaap) in hul mou gelag het toe hulle nog moes verneem dat hy boonop op 'n plek met die koddige naam, Ogies, beland het!

Kort na hierdie gebeure, is ek na die destydse kommissaris, generaal Johann Coetzee se personeel verplaas. Toevallig was een van my eerste take om die kaptein van Middelburg (Kaap) se vertoë in die pos te hanteer.

Die kaptein het 'n roerende pleidooi aan die generaal gedoen om Jannie asseblief nader aan sy ouerhuis te plaas. Hy het die generaal beleefd daarop gewys dat hy immers ook 'n vader is en sekerlik sou verstaan dat enige ouer maar altyd besorg oor sy kinders is. Hy het bygevoeg dat die kind se moeder se hart stukkend is en dat sy by die dag kwyn. Elke oomblik wonder sy hoe haar seun daar in die verre vreemde moet regkom. Hy het verder gepleit dat die seun nog jonk en onervare is; dat hy hom graag nader aan die huis wou hê sodat hulle die nodige ouerlike leiding aan hom kon gee en ook darem nog 'n ogie oor hom kon hou. *(Wie van ons het nie al hierdie storie gehoor nie?)*

Intussen het Jannie omtrent skaars op Ogies aangekom toe hy op sy beurt die een vertoë na die ander gerig het om na Middelburg (Kaap) verplaas te word.

Diegene van wat generaal Coetzee geken het, het geweet dat hy 'n simpatieke oor vir sy mense gehad het en 'n oplossing vir enige probleem gesoek het. Hy het die vertoë na generaal Hennie De Witt, destyds die Senior Hoofadjunk-kommissaris, verwys, vir sy kommentaar en aanbeveling. Generaal De Witt het geantwoord dat Afdeling Suidwestelike Distrikte totaal oorsterkte was en dat Afdeling Oos-Transvaal, aan die ander kant, weer totaal ondersterkte was. Hy het aanbeveel dat die kaptein se vertoë van die hand gewys word. Generaal De Witt het bygevoeg dat hy die aangeleentheid deeglik oorweeg het en sy aanbeveling *(tong in die kies!?)* was dat die kaptein eerder na Middelburg (Transvaal) verplaas kon word, waar daar 'n nypende tekort aan

bekwame offisiere is. Dan kon hy sommer ook nader aan sy seun wees en 'n oog oor hom hou.

Die kaptein kon hierdie aanbod nie gou genoeg van die hand wys nie. Geen regdenkende mens verruil mos 'n standplaas in die Karoo vir een in die besoedelde steenkoolvelde van die Hoëveld nie. Jannie was mos al mooi groot en moes maar self regkom!

Hierdie verhaal het nogal 'n interessante kinkel in die kabel gehad. 'n Paar maande later is Jannie se vertoë by die verplasingseksie in Hoofkantoor ontvang. Daar is besluit om hom maar tóg na Middelburg (Kaap) te verplaas.

Toe Jannie hiervan in kennis gestel is, wou hy niks daarvan weet nie. Hy het laat weet dat hy 'n jong dame ontmoet het en dat hy baie gelukkig op Ogies was. Hy het verkies om daar te bly!

--ooOOoo—

DIE KOMMISSARIS SE KANTOOR IN WACHTHUIS

Generaal Johann Coetzee is nie meer met ons nie. Ek glo nie hy sal my verkwalik as ek hierdie insident met u deel nie. Dit word met groot eerbied aan hom opgedra.

Ons kantore in Pretoria was op die tiende verdieping van Wachthuis. Enigiemand wat 'n afspraak met hom gehad het, moes eers by my kantoortjie inkom en dan het ek hom aangekondig.

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie het 'n baie mooi, deftige kantoor gehad .... en dit was die enigste kantoor in Wachthuis wat met sy eie aantrekkamer, wasbak en toilet kon spog.

By Vertroulik se kantore, naby die Kommissaris se kantoor, het daar destyds 'n hoogswanger jong kaptein gewerk. As ek reg onthou was sy kaptein Sanet Wolmarans. As sy 'n draai wou loop, moes sy na die toilette op die agste verdieping gaan. Behalwe dat sy aan engtevrees gely het en geweier het om onnodig in 'n hysbak te klim, was die gereelde stap met die trappe af soms net te ver en ongemaklik.

Ons het 'n verstandhouding gehad. Met haar gereelde togte na die agste vloer, het sy by my ingeloer en gevra of sy gou in Kompol se toilet kon inglip. As hy nie daar was nie, het ek gesê dis reg en dan het sy gou daar ingegaan.

Nou ..... as 'n man in 'n vergadering vasgevang was en nog boonop in die verkeer en voor die stadige Wachthuis-hysbakke opgehou is, kan hy partykeer 'n allemintige nood ontwikkel ..... dit gebeur toe so dat Sanet vir 'n wyle in die kommissaris se toilet ingeglip het net toe hy daar ingestorm kom met die groot nood. Toe hy al by die deur ingebars het en besig was om sy rits oop te trek ..... vind hy die verskrikte Sanet op die troon.

Ek weet nie wie die grootste geskrik het nie .... Sanet, die kommissaris of ek nie .... maar ons het aldrie later lekker daaroor gelag.

Die generaal, ware heer wat hy was, het darem ingesien dat 'n swanger vrou 'n kosbare mens is en dat hulle beskerm en gekoester moes word. Hy was glad nie kwaad nie.

--ooOOoo—

GELEERDHEID

Toe ek as 'n majoor, in my dertigerjare na die Kommissaris se Parlementêre personeel verplaas is, het ek onmiddellik 'n groot bewondering vir generaal Johann Coetzee gekoester.

Afgesien van die feit dat hy die hoogste sport in sy loopbaan bereik het, het hy reeds 'n Magistergraad behaal en was hy besig om aan 'n Doktorsgraad te werk. Hy het hierdie akademiese prestasies behaal terwyl hy voltyds ook aan sy loopbaan gewerk het.

Na mate ek en die generaal mekaar beter leer ken het, het hy my op 'n persoonlike vlak ook begin motiveer. Hy het vir my gesê dat hy kon sien dat ek nog jonk is om al 'n majoor te geword het, maar dat ek by die rang van kolonel gaan vassteek as ek nie 'n plan maak om ook 'n akademiese kwalifikasie te verwerf nie.

Ek het toe eers werklik besef dat die meerderheid opkomende kolonels, brigadiers en generaals gegradueerde offisiere was. Die ouer garde, wat top poste sonder kwalifikasies behaal het, was aan die verdwyn.

Met my eie loopbaan het dit tot op daardie stadium nie te sleg gegaan nie. Ek het al die bevorderingseksamens so gou as wat ek kon, geslaag en later ook 'n Diploma in Polisie-Administrasie by die Departement Nasionale Onderwys behaal. Die diploma was egter nêrens as 'n kwalifikasie geakkrediteer nie. As ek een dag 'n generaal wou word, sou ek 'n universiteitsgraad moes kry .... en ook 'n nagraadse kwalifikasie as ek werklik geaspireer het om ook 'n top rang te bereik.

Na 'n paar dae se tob of ek maar by Unisa moes gaan inskryf, het ek niks daaraan gedoen nie. Dit was op daardie stadium Oktobermaand en die sperdatum om in te skryf was vinnig besig om nader te kom. Ek kon myself net nie ver genoeg kry om te gaan inskryf nie, want ek was nie regtig lus om die volgende drie of vier jaar, daaraan te wy nie. Weens die misterie wat 'n graad vir my ingehou het dat net briljante mense

in die wêreld dit kon vermag, was ook nie seker of ek oor die vermoë beskik het om suksesvol aan 'n universiteit te studeer nie. Ek het myself wysgemaak dat ek eerder op my nuwe pos moet konsentreer.

Een aand, kort na my aanstelling by die Kommissaris se Parlementêre personeel, het een van die senior offisiere op die personeel ons genooi om die aand by hulle te gaan braai. Hy wou die nuwe aankomelinge op die personeel bietjie beter leer ken en ook op die personeel verwelkom. Terwyl ons gekuier het, het een van die kollegas se vrou laat val dat sy en haar man vroeër die dag by Unisa gaan inskryf het.

Toe ons die aand huis toe gery het, het ek vir Netta gesê dat, as dáárdie twee 'n graad kan kry, kan ek ook!

Die volgende dag het ek by Unisa gaan inskryf vir die BA-graad in Polisiekunde.

Aanvanklik het dit maar moeilik gegaan met die werk en die studies, maar met die verloop van die tyd het ek geleer om tyd daarvoor te maak. Omdat ek ook nie meer 'n kind was en ek nie ingeskryf het om enigiemand anders te plesier nie, het dit goed gegaan met my studies. Ek het ook net nodig gehad om die inskrywingsfooi vir my eerstejaar se vakke te betaal. Vir die res het 'n studiebeurs van die Suid-Afrikaanse Polisie gesorg.

Ek was gelukkig om my BA-graad binne die minimum tydperk te voltooi en het daarna ook 'n BA-Honneurs (Cum Laude) aan Unisa verwerf.

Die kollega en sy vrou wat die dag voor my ingeskryf het, kon helaas nie hul eerste studiejaar voltooi nie.

--ooOOoo—

TOESPRAKE VIR DIE KOMMISSARIS EN MINISTER

Terwyl ek parlementêre diens tussen Kaapstad en Pretoria verrig het, was dit onder meer my taak om die Kommissaris se dagboek te bestuur en te sorg dat al sy toesprake en dokumente behoorlik in sy besit was voordat hy iewers moes optree. Die man wat die toesprake moes skryf, was kolonel Jac de Vries, wat 'n ruk vantevore vanuit die koerantwese spesifiek vir hierdie doel aangestel was.

Die Senior Stafoffisier op Hoofkantoor, generaal HPM de Villiers, was oorhoofs in beheer van ons klompie parlementêre polisiemanne. Hy was 'n uiters bekwame en skerp SSO. Niks het sy arendsoë ontglip nie.

Op 'n dag moes die Kommissaris iewers 'n gasspreker by 'n belangrike funksie wees. Ons was op daardie stadium in Pretoria, maar hy moes die toespraak in die Kaap voordra. Weens een of ander buitengewone rede, was generaal de Villiers nie daar om seker te maak dat alles wat in die possak moes wees, wel daar was nie.

Toe die kommissaris in die Kaap aankom, ontdek hy dat die toespraak nie in die possak was nie. Hy was natuurlik vies en het vir my en Jac de Vries die leviete voorgelees. Gelukkig het hy op sy eie kenmerkende manier, sommer uit die vuis, 'n toespraak gehou wat groot byval by die aanwesiges gevind het. Ons het gedink dat die aangeleentheid vergete was.

Maar helaas, toe kom dit onder die SSO se aandag dat ons die sonde begaan het om nie toe te sien dat die toespraak voorberei was nie.

Almal van ons wat al onder die deurdringende blik van daardie staal-oë en afgemete woorde deurgeloop het, sal weet dat geen verskoning goed genoeg was nie. Ons het ook geweet dat 'n mens nie kanse met die generaal kon waag nie. Hy het geglo dat 'n mens met die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid moes

uitkom nie. Diegene wat kanse met die generaal gevat het, het altyd bedroë daarvan afgekom, want uit gaan hy jou vang!

Sy reaksie na 'n so verduideliking was gewoonlik: "Nee, ou Johan ..... dit is nie goed genoeg nie!" Dan het die skrobbering vir nog 'n ruk voortgeduur en uiteindelik is jy met 'n streng waarskuwing en stert tussen die bene by sy kantoor uit.

Ons is na kamer 1014 ontbied en die generaal het ons kwaai aangekyk en van uiterste pligsversuim, laksheid, traak-my-nie-agtigheid en sommer alles wat sleg is, beskuldig. Hy het ons vertel dat ons die vertroue wat in ons gestel was skandelik misbruik het.

Hy het vir ons gevra wat ons verduideliking was. Hy het nie in verskonings belang gestel nie. Ons sou 'n baie goeie verduideliking moes gee.

Omdat Jac die senior van ons twee was, het hy die volgende verduideliking gegee:

"Generaal, ons het groot fout gemaak. Ons is skuldig. Dis onverskoonbaar. Ons is jammer. Ons sal toesien dat dit nie weer gebeur nie. Ons het die Kommissaris in die steek gelaat. Dis nie goed genoeg nie, maar dit het nou ongelukkig so gebeur en daar is niks wat ons kan sê om dit reg te stel nie."

Generaal de Villiers is vir 'n oomblik effe uit die veld geslaan, maar hy kyk ons die een na die ander aan met daardie deurdringende oë en sê: *"Nee, my magtig kêrels ..... Dis NET nie goed genoeg nie!"*

--ooOOoo—

LAUBERVILLE

Aan die einde van November 1987 het die destydse minister van Wet en Orde besluit om die land se top misdaad- en politieke verslaggewers vir 'n naweek na Lauberville, naby Walvisbaai te nooi sodat die polisie en die pers in 'n ontspanne atmosfeer vir 'n naweek met mekaar kan praat om *"mekaar beter te verstaan."*

Lauberville is in die Namib-woestyn naby Walvisbaai geleë en het destyds onder die beheer van die Distrikskommandant, Walvisbaai geval. Walvisbaai was destyds 'n deel van die grondgebied van die Republiek van Suid-Afrika.

Die Minister is bygestaan deur onder andere, brigadier Leon Mellet en kolonel Tienie Cronjé.

Die Kommissaris, generaal Hennie de Witt kon self nie gaan nie, maar generaal Johann van de Merwe en nog een of twee Hoofkantoor-offisiere was die manne wat die SA Polisie verteenwoordig het. Onder andere ook die uwe.

Die groep mense is in Pretoria opgepik in 'n DC4 Skymaster, wat daarna Kaap-toe gevlieg het en die Kaapse groep opgelaai het. Daarna het ons al met die weskus-langs in die statige ou Skymaster gevlieg tot by die Rooikop Lughawe naby Walvisbaai. Tydens die vlug het die politici, polisiemanne en persmanne mekaar begin voel-voel en lekker aan die gesels geraak. Dit was werklik 'n aangename ervaring om in 'n vliegtuig wat toe al seker veertig of vyftig jaar oud was, te kon vlieg. Dit was een van die SA Lugmag se laaste DC4s en was nog in 'n perfekte toestand.

Toe ons by Rooikop geland het, het 'n jong sersant ons met 'n bus ontmoet en is ons almal na Lauberville geneem.

Generaal HPM de Villiers, wat destyds die SSO op Hoofkantoor was, was ook die DK Walvisbaai. Hy was ook een van die polisie verteenwoordigers.

Lauberville is 'n pragtige oase in die Namib Woestyn. Die administratiewe geboue was sulke halfronde sinkgeboue en as ek reg onthou, was die woonkwartiere van die bekende vooraf-vervaardigde geboue wat mens oral by tydelike staatspersele kan sien. Een van die halfronde sinkgeboue was ingerig in 'n lesingsaal en daar het die minister en die generaals kopstukke met die persmanne gesels om "*mekaar beter te verstaan*".

Tussen die lesings, is die groep ook met die bus op uitstappies geneem. Ons het na die Welwitchia gaan kyk, na die plantjies wat in die Namib groei en ook die duine gaan klim. Niemand het geweet dat Minister Vlok op daardie tydstip 'n kwaai aanval van malaria onder lede gehad het nie, want hy het deurentyd betrokke gebly by al die doenighede.

Een van die ander sinkgeboue was mooi ingerig as 'n ander soort oase .... 'n plek waar die manne 'n bietjie kon ontspan en hulle dors kon les.

En was die manne dors! Die sersant wat die bus bestuur het, was ook aangewys as die kroegman. Hy was nooit een keer gedurende die naweek van sy "oase" verpligtinge verskoon nie. As hy die mense vertel dis toemaaktyd, dan vra hulle hy moet asseblief nog 'n rukkie vasbyt ..... as die dagtaak begin, was hy weer aangesê om die bus te bestuur ... so hy het daardie hele naweek nie 'n oog toegemaak nie.

Tydens die naweek het daar ook 'n ander insident gebeur. Die Helderberg het in die Indiese Oseaan neergestort.

Toe die naweek uiteindelik verby is, het 'n taamlike moeë klomp polisie- en persmanne die bus bestyg om weer na die lughawe geneem te word. As ek sê dat almal moeg was, moet ek darem sê dat generaal de Villiers, 'n geheelonthouer, nog perdfris was. Die bestuurder van die bus, wat toe omtrent half aan die slaap was, het ongelukkig net buite die kamp in die sand vasgesit en die manne moes maar weer uitklim om die bus uit die sand te probeer stoot.

Generaal de Villiers het in die bus oor die bestuurder se skouer gaan loer en raad gee. Hy het eers gesê hy moet die bus in *ekstra low* sit; om nie die enjin so hoog op te jaag nie; en verder dat hy moet toesien dat die wiele nie tol nie en dat hy oppas dat die "klits" oftewel die koppelaar nie uitbrand nie. Maar die bus het soos 'n steeks donkie in die sand bly sit.

Terwyl die generaal nog so met die bestuurder gepraat het, het die bestuurder naderhand net stil agter die wiel bly sit. Die generaal spreek hom toe naderhand in hoofletters aan, maar hy bly doodstil sit.

Toe hy hom naderhand aan die skouer stamp, kom hy agter die arme man is vas aan die slaap!

Op die lughawe het 'n ander verrassing op ons gewag .... hierdie keer moes ons deur 'n Hercules opgelaai word, maar die vliegtuig was vol weermag-sportmanne wat nie plek wou maak vir die klomp polisie- en persmanne nie ..... selfs nie eers vir minister Adriaan Vlok nie .... maar na 'n groot gesukkel en 'n gesoebat het almal darem uiteindelik in die vliegtuig gekom en het die vlug eers na Pretoria vertrek, die Pretorianers afgelaai en verder Kaap toe om die Kapenaars af te gaan laai.

--ooOOoo--

DIE VOORRANGLYS VIR OFFISIERE

Die senioriteitslys, of ansiëniteitslys om die korrekte term te gebruik, vir offisiere was een van die bes bewaarde geheime in die polisie. Maar 'n geheim bly bloot 'n geheim as net een mens daarvan weet. Juis omdat dit so 'n groot geheim was, het elke offisier dit sy missie gemaak om uit te vind waar sy naam op die lys verskyn en hoe lank hy nog sal moet wag vir sy volgende bevordering.

Hierdie lys is net in die kluise van die Vertroulik-seksie en die lede van die Bevorderingsraad gehou. En die houers hiervan het dit soos broeis henne bewaar. Die lys is net vir die uitgesoekte mense gegee voor die volgende bevorderingsraad vergadering.

Daar was natuurlik onder die manne baie gespekuleer oor wie naby bevordering is; wie vir wie verbygesteek het; wie teruggehou is; en wie uit guns geraak het. Daar was groot wedywering onder die offisiere en baie van hulle se primêre taak in die lewe was om voor sy kompetisie geplaas te word.

As senior offisiere ooit lekker onder mekaar kon skinder, was dit oor die einste ansiëniteitslys.

Toe ek die Kommissaris se stafoffisier was, moes hy een keer iewers heen gaan en hy het vergeet so die lys saam met hom te neem. Ek het die brandkas se sleutel gehad om ander hoogs vertroulike dokumente, soos kabinetsmemoranda, notules van die Staatsveiligheidsraad en ander geheime dokumente op te dateer.

Ek sien toe die ansiëniteitslys en besluit om bietjie te loer .... *(ek was toe al omtrent "due" om 'n luitenant-kolonel te word en wou kyk hoe lank dit nog sou duur).* Ek maak toe die kantoor se deur toe en sprei die groot leer oop op die lessenaar.

Terwyl ek totaal verdiep was in my bestudering van die lys, kom kolonel Calitz skielik die kantoor in ..... en betrap my *"red handed"* met die lys.

Dit was byna 'n daad van hoogverraad vir 'n skamele majoortjie om so 'n uiters geheime dokument te sien. Ek het seker omtrent 'n voet in die lug gewip van die skrik.

Die kolonel het net so effens geglimlag .... ek dink hy het maar te goed begryp dat niemand so ’n kans verby sal laat gaan nie.

--ooOOoo--

ONTNUGTERING MET VERPLASING

In 1984 is ek vanaf Middelburg, Transvaal, na die parlementêre personeel van die destydse Kommissaris, generaal Johann Coetzee verplaas.

Saam met my in die "groot kantoor" was daar 'n uiters bekwame vroue-luitenant. Sy het 'n hele paar jaar vantevore as 'n jong tikster by die parlementêre personeel aangesluit en het Kommissarisse soos generaals Gous, Joubert, Crous, Prinsloo, en Geldenhuys sien kom en gaan. Haar dienste was hoog aangeslaan en sy is in die loop van die tyd, ek dink in generaal Geldenhuys se tyd, van 'n hooftikster lateraal oorgeplaas na die funksionele stroom van die polisie. Ek dink sy is toe as 'n adjudant-offisier aangestel. Teen die tyd dat ek daar beland het, was sy al 'n luitenant. Van al die personeel wat daar was, was sy een van die staatmakers. Omdat die parlementêre personeel vir die duur van die parlementêre sessie in Kaapstad en in die reses in Pretoria gestasioneer was, het die luitenant nooit getrou nie.

Toe dit tyd word dat sy na kaptein bevorder moes word, is daar besluit dat sy haar pos "ontgroei" het en dat sy in 'n pos geplaas moes word wat haar rang waardig was.

Daar is toe besluit om haar in een van die seksies by die Veiligheidstak te plaas, waar sy memoranda aan die kommissaris, minister en die parlement moes opstel. Sy was nie juis baie angstig om die veiligheid van haar jarelange pos prys te gee nie, maar sy het ingesien dat sy as 'n kaptein meer verantwoordelikhede moes aanvaar.

Sy het toe een Maandagoggend by haar nuwe standplaas aangemeld en daar is gereël dat sy teen die eerskomende Woensdag, wanneer die Kommissaris beskikbaar sou wees, weer na sy kantoor te kom, waar daar behoorlik van haar afskeid geneem kon word.

Sy het by haar nuwe pos baie gou agtergekom dat daar 'n groot verskil in die kuns is om memo's wat iemand anders geskryf het, te tik en om self memo's op te stel. Sommer die eerste dag het die groot ontnugtering ingetree en was die aanpassing

vir haar uiters traumaties. Sy het as't ware erg verlang na die spreekwoordelike *"vleispotte van Egipte."*

Toe sy die Woensdag vir haar afskeidgeselligheid van koek en tee, die oorhandiging van 'n geskenk en toesprakie deur die Kommissaris aangekom het, was die ontnugtering op sy hoogtepunt.

Na die Kommissaris se toesprakie is die luitenant gevra om ook iets te sê. Sy het moedig begin om haar dank vir al die goeie jare uit te spreek, maar haar emosies het skielik oorgekook. Die ontnugtering het skielik in woede omgekeer en sy het die generaal en sommer almal sterk verwyt dat "hulle" haar soos 'n ou stuk lap weggegooi het.

Nadat die kommissaris haar getroos en moed ingepraat het, is sommer daar en dan besluit om haar eerder na 'n ander seksie, waar sy meer gemaklik sou wees, te verplaas. Sy is toe effe getroos, maar steeds baie ongelukkig daar weg.

Later die middag is ek en Charl Steyn, die generaal se motorbestuurder-regterhand toevallig saam by hom in sy kantoor. Die generaal sê toe vir ons dat hy nooit kon dink dat die kaptein só heftig sou reageer nie.

Charl antwoord toe dat hy daardie oggend by 'n begrafnis was, maar dat dit 'n baie joliger affêre as die luitenant se afskeid was.

--ooOOoo—

ENSRETTET

Toe 'n klompie polisiemanne in 1992 'n besoek aan Denemarke gedoen het, was dit die meeste van ons se eerste besoek aan die buiteland.

Ons besoek het ’n hele twee maande geduur, naamlik Julie en Augustus. Dit is die tydperk wanneer die somerseisoen op sy hoogtepunt is en wanneer die strate tot laat in die aand vol mense is.

Ons was gaste van die Deense regering, wat byna oor hul voete geval het om die nuwe-Suid-Afrika, wat net om die draai was, te help. Polisie-opleiding was een van die groot projekte wat hulle saam met die Europese Unie aangepak het. Die Deense regering het ons in die Komfort Hotel geakkommodeer.

Dit was voorwaar ’n belewenis om te sien hoe skoon en sindelik die Deense mense hulle omgewing gehou het. Daar het nooit ’n papier rondgelê nie en mens het jou inkopies in papiersakke gedra. Geen plastieksakke of selfs plastiekbottels was êrens te sien nie. Bier en koeldrank het ’n mens in glasbottels gekoop – en ’n deposito op die bottels betaal – ’n mens moes dit, net soos in ons kinderdae, weer terugneem as mens nuwes wou koop, of jy was jou deposito kwyt.

Die Dene was baie gasvry en het ons werklik baie goed behandel. Afgesien van die kursusse wat ons by hulle polisieskool deurloop het, het hulle ons ook oral heen geneem om die Deense leefwyse en besienswaardighede sien. Wat vir ons nogal snaaks was, was dat daar in die pouses tussen die klasse, ’n bottel of twee Carlsberg bier vir elke kursusganger beskikbaar was. Volgens hulle word ligte bier as koeldrank gereken, al is daar ’n paar persentasiepunte alkohol in. Ons het ook besoeke gedoen aan ’n hele paar ander eilande en stede in Denemarke, maar het telkens teruggekeer na die Komfort Hotel.

Dit was ook nogal interessant dat baie van die Deense kennisgewingborde net sowel in Afrikaans kon gewees het. Woorde soos *melk, parkering* en *lekker* is maar net soos die ooreenstemmende Afrikaanse woorde, behalwe dat hulle dit heel anders uitgespreek het.

Oor die naweke, wanneer ons *“at our own disposal”* was, het ons die strate platgeloop en ons verkyk aan die pragtige ou geboue en die snaakse dinge wat ons nie in ons eie

land geken het nie. Oral was daar gragte waar plesierbote die toeriste op plesiervaarte geneem het. Feitlik op elke straathoek was daar 'n gebou met 'n klok wat elke kwartier geslaan het. Wanneer die klokke begin beier het, het dit nogal 'n lawaai afgegee, maar mens het dit nie eers agtergekom nie. Dit was natuurlik eienaardig om te sien dat die verkeer daar aan die regterkant beweeg en ons moes kophou as ons die strate wou oorsteek. Ons moes na die ander kant as wat ons in Suid-Afrika gewoond was, uitkyk vir aankomende verkeer.

Dit was ook 'n belewenis om te sien hoe doeltreffend die busse en treine geloop het. Mens het nooit langer as 'n paar minute gewag vir 'n bus of trein nie.

Op 'n Vrydagmiddag, is ons na die Folketing, die Deense Parlement, geneem. Ons het gesien hoe die geboue en die binnekant van hulle parlement lyk. Weens die vakansie-seisoen, was die parlement ongelukkig in reses. Na die besoek het ons gashere gesê dat ons hotel nie te ver daarvandaan was nie en dat ons sommer soontoe kon loop. Ons was maar te bly vir die geleentheid om bietjie oefening te kry, want die Dene het ons lojaal getrakteer met "Danish Pastries", "light beer" en heerlike kos. Hulle het vir ons beduie dat mens al langs die kanaal afstap, dan by 'n kerk regs moet draai en dan verder loop tot by 'n McDonald's en dan sal ons maklik die hotel kry.

Ons het in groepe die strate aangedurf en probeer onthou hoe ons moes stap. Dit was egter nie lank nie, of die klomp kerkklokke, kanale en vreemde padtekens het ons heeltemal verwar. Ons het na 'n ruk besef dat ons verdwaal het.

So met die stappery, sien ek gelukkig 'n straat-teken met die naam "Ensrettet" ... dit val my by dat dieselfde straatteken reg voor die hotel is. Met die paar Deense woorde wat byna soos ons eie taal is, besef ek "Ensrettet" is die straat waarin die hotel ook is. Ons volg die rigting van die pyl op die kenteken en nie lank nie, of ons sien by een van die volgende straathoeke ook "Ensrettet" en die pyl wys in 'n ander rigting. Ons begin die pyle volg en kort-kort sien ons sulke borde met duidelike pyle waarheen

ons moet loop. Ons het helaas, naderhand besef ons dat ons al hoe verder van die hotel af begin loop het.

Na 'n gesukkel om iemand te kry om vir ons die pad na die hotel te beduie, kom ons uiteindelik by die hotel uit. Ek is steeds verward. Voor die hotel is tóg 'n duidelike kennisgewing "Ensrettet".

Toe eers vind ons uit dat "Ensrettet" eintlik "One Way" beteken en dat die pyl eintlik die rigting aandui waarin die verkeer moet beweeg.

-ooOOoo—

DIE HUURMOTORBESTUURDER IN KOPENHAGEN

'n Klomp van ons polisiemanne is in Kopenhagen om by die Dene te leer hoe om polisiemanne op te lei.

Op 'n Saterdagaand gaan die hele groep na die Tivoli Gardens waar ons baie lekker kuier en sien hoe die Dene hul Saterdagaande geniet .... en hulle KAN! Op een of ander onverklaarbare manier dwaal ek van die res van die groep af .... en toe ek my weer kom kry, is ek stoksielalleen in die Tivoli Gardens ...

Ek loop in die strate rond en soek na die hotel, maar ek is skielik baie alleen en benoud in die vreemde stad waar min mense Engels verstaan.

Ek het geen idee waar die Komfort Hotel was waar ons tuisgaan nie. Om die waarheid te sê ... met al die kerkklokke wat elke kwartier beier, is ek totaal verdwaal.

Gelukkig het ek darem 500 Krone oor en ek keer toe maar 'n taxi voor. Op daardie stadium was ’n Deense Kroon en ’n Suid-Afrikaanse Rand omtrent ewe veel werd.

Ek maak die fout en vertel hom dat ek na die Komfort Hotel toe moet gaan, maar al wat ek het, is K500. Ek hoop dit sal genoeg wees om my daar af te laai.

Die taximan kyk my met groot jammerte aan en sê toe hy sal maar 'n plan maak, siende dat ek van Nelson Mandela se land af kom.

Ek klim toe in die taxi en die man ry omtrent 150 meter en laai my net om die hoek voor die hotel af ....

--ooOOoo—

OM SONDER JOU EGGENOTE NA ’n POLISIE-FUNKSIE TE GAAN

Toe ons in 1995 in Pietersburg beland het, was dit die begin van die nuwe politieke era in die land.

Die mense wat die ou Afdeling Verre-Noord Transvaal geken het, sal weet dat die afdeling gestrek het vanaf Pienaarsrivier in die suide tot by Messina in die noorde. Van Oos na Wes het die gebied weer gestrek vanaf Hoedspruit tot by die grens van Botswana.

Binne die grense van Afdeling Verre-Noord-Transvaal was daar behalwe die gebied wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie bedien was, ook drie ander polisiemagte, naamlik Lebowa, Gazankulu en Venda.

Toe ek daar as adjunk-provinsiale kommissaris (generaal-majoor) aangestel is, was een van die nuwe bestuur se eerste prioriteite om die gebiede en personeel van die ou SAP, Lebowa, Venda, en Gazankulu in een mag te integreer. Dit was nogal ’n baie ingewikkelde taak, want elkeen van hierdie polisie-instellings het sy eie personeel en kommissaris gehad. As iemand van byvoorbeeld Gazankulu in ’n senior pos aangestel is, was die kandidate vanuit die SAP, Venda en Lebowa ongelukkig. Dit was ’n moeilike proses en ons was maar te bewus van die feit dat daar altyd ontevredenheid sou wees.

Die eerste LUR van Veiligheid en Sekuriteit, advokaat Seth Nthai het dit sy taak gemaak om toe te sien dat die verskillende groepe so gou en met so min pyn as moontlik geïntegreer word.

Om dit te doen, het hy gereël dat 'n deftige funksie in Pietersburg gehou word, wat deur al die offisiere en hul vrouens van die verskillende polisiemagte bygewoon moes word.

Tydens die funksie het die LUR opgemerk dat daar so min van die offisiere se vrouens daar was. Hy het 'n beroep op die offisiere gedoen om in die toekoms hulle vrouens saam te bring, want dit was al manier hoe die mense mekaar sou leer ken. Hy was van mening dat dit nie bevorderlik vir samehorigheid was as die manne alleen na die funksies kom nie.

Na sy toespraak was dit my taak om die LUR te bedank. Ek het gewonder wat ek kon sê as 'n gepaste repliek op sy standpunt dat die offisiere nie hul vrouens saamgebring het nie.

Dit het my laat dink aan 'n geleentheid 'n paar jaar vantevore toe ek in my amptelike hoedanigheid 'n gradeplegtigheid vir die polisiestudente by die Akademie in Graaff Reinet bygewoon het. My vrou het my na hierdie geleentheid vergesel en ons het in die Drostdy Hof tuisgegaan.

Na die plegtigheid het my goeie Unisa vriende, professor Ben Smit, Professor Coen Marais en Toffie van Vuuren, almal oud-polisiemanne, my genooi om saam met hulle by die karavaanpark waar hulle tuisgegaan het, te gaan braai. Ek het gevra dat hulle my maar moet verskoon, want my vrou het saam met my gekom en ek kon haar nie alleen in die hotel los terwyl ek saam met hulle kuier nie.

Professor Coen Marais het droogweg geantwoord dat dit maar moeilik is as 'n mens se vrou ook saam met hom by 'n geleentheid is, want – *"As jy jou vrou saambring, is dit dubbeld so duur, maar net helfte so lekker."*

Toe ek Professor Marais se "wysheid" in my bedankingswoorde aangehaal het, het advokaat Seth Nthai sy kop agteroor gegooi en geskater van die lag.

--ooOOoo--

ONDERHOUDE VIR GEADVERTEERDE POSTE

In die nuwe Suid-Afrika, was dit my twyfelagtige voorreg om in Pietersburg te beland.

Dit was die tyd van transformasie, equity, representivity en affirmative action en vir die eerste jaar van my tyd in Pietersburg, was ek omtrent voltyds besig om poste te adverteer, kortlyste en onderhoudspanele saam te stel en onderhoude met applikante te voer

Dit is maar 'n vervelige werk, maar iemand moes verantwoordelik daarvoor wees. Wat vergoed het vir die sleurwerk, was die talle komiese insidente tydens sulke onderhoude, veral as die kandidaat geen benul gehad het wat hy moes antwoord nie.

Op 'n dag is die keuringspaneel besig om onderhoude vir 'n pos 'n Lebowakgomo te voer.

Toe die eerste kandidaat voor die paneel gaan staan, ruik ons sommer dadelik lont.

Die man is nie alleen nie. Om hom het die geure van gisteraand se brandewyn en vanoggend se russians en chips gehang.... en die regmakers wat hy "gevat" het net voor die onderhoud. Hy is ook so vriendelik en glimlaggend soos ons almal se beste maatjie.

Om alles te begin, heet die voorsitter die kandidaat welkom en bedank hom vir sy teenwoordigheid.

Hy val toe in met 'n vraag oor die skorsingsbeleid, watter prosedure gevolg moet word en watter ampsbekleër bevoeg is om iemand te skors en om watter redes.

Die kandidaat lyk soos 'n gans wat na die swaar weer kyk, stotter en stamel en kyk ons beskuldigend aan oor ons hom so 'n lelike strikvraag gevra het.

Tydens sulke onderhoude sien mens baie soorte kandidate, dié wat bars van selfvertroue, die gladdebekke en ook die manne wat met stomheid geslaan word. Hierdie een was met stomheid geslaan.

Een van die paneellede kon dit nie langer verduur nie en vra vir die kandidaat:

Vraag: *"Do you take a drink?"*

Antwoord: *"Yes, Sir, I do."*

Vraag: *"When did you take your last drink?"*

Antwoord *"I think early this morning."*

Vraag: *"How many times a night do you take a drink .... once or twice?"*

Antwoord: *"Thrice."*

--ooOOoo--

PAKKETTE WORD AANGEBIED

Toe die nuwe regime in 1994 oorgeneem het, is polisiebeamptes die geleentheid gebied om 'n uitdienstredingspakket te aanvaar.

Hierdie stelsel was eintlik bedoel om van die blanke lede, wat nie kans gesien het om verder onder die nuwe regering te dien nie, ontslae te raak.

Hoewel die ouer blanke lede eintlik in gedagte was met hierdie bedeling, het 'n groot aantal swart lede ook daarvan gebruik gemaak.

Die enigste voorwaarde om 'n pakket te aanvaar, was dat die lid meer as tien jaar diens moes voltooi.

As 'n konstabel byvoorbeeld na tien jaar diens 'n pakket aanvaar het, het die taamlike groot enkelbedrag baie aanloklik gelyk, maar dit sou nooit genoeg wees om vir langer as 'n jaar of twee daarvan te leef nie – en dan moes die ontvanger ook baie versigtig daarmee te werk gegaan het.

Dit was nogal tragies om te sien hoe dwaas die meeste pakket-ontvangers was wanneer hulle hul pakkette ontvang het. Ek weet van heelwat van hulle wat dit binne 'n jaar verkwis het en dat hulle dan maar weer van voor af moes gaan werk. En dit in 'n tyd toe werk al hoe skaarser begin word het.

'n Klassieke geval waar 'n pakket net een dag gehou het, is die verhaal van 'n oud-konstabel van Thohoyandou wat 'n kontantbedrag van ongeveer R450 000 ontvang het.

Hy het gereken dat hy daarmee twee Hi-Ace bussies kontant kon koop en dat hy dan met dié geld 'n taxi-onderneming kon begin. Hy het sy sommetjies gemaak en uitgewerk dat hy met die twee taxi's net soveel soos 'n generaal kon verdien. Hy het dadelik na die Toyota-agent in Pietersburg gegaan en twee sestien-sitplek Hi-Aces bestel.

Hy kon nie wag vir die oproep dat die twee Hi-Aces afgelewer word nie.

Toe die oproep uiteindelik kom dat sy twee taxi's gereed is, kry hy en sy tweede bestuurder 'n geleentheid vanaf Thohoyandou na Pietersburg om die voertuie te kom haal. Saam met hulle is ook 'n Sangoma om die voorvaders se seën vir die onderneming te vra en om te sorg dat die voertuie baie geld sal maak en natuurlik ook om te verhoed dat die verkeerspolisie hulle sou "sien".

By die motorhawe aangekom, betaal hy kontant vir die twee taxi's. Toe hy hoor wat dit sou kos om hulle te verseker, besluit hy dat die voorvaders sou sorg dat alles reg sal loop. Alles loop mos altyd reg met Toyota! Hy sou eers 'n bietjie later aan versekering dink wanneer sy kontantvloei verbeter.

Die nuwe Taxi-tycoon se splinternuwe Hi-Ace was eerste gereed en hy het dadelik in die pad geval Thohoyandou-toe.

Die tweede taxi sou eers oor sowat 'n uur gereed wees om af te lewer.

Toe die eienaar in Thohoyandou aankom, ontvang die hy die skokkende nuus dat die tweede Hi-Ace by Louis Trichardt in 'n ongeluk betrokke was. Die voertuig was 'n wrak.

Hy het net daar besluit om na die toneel te jaag om te gaan kyk wat gebeur het.

Raai wat?

Hy skryf ook die eerste Hi-Ace af op pad soontoe!

Hy het toe maar by die huis gaan sit en elke dag aan die twee wrakke geploeter om te kyk of hy hulle weer met tweedehandse onderdele op die pad kon kry.

Hy het die voorvaders ook erg verkwalik omdat hulle so wreed met hom kon wees.

--ooOOoo—

SUMMIERE ONTSLAG.

In Oktober 1999 het ek 'n oproep van die toenmalige nasionale kommissaris, George Fivaz ontvang. Hy het my ingelig dat die Kabinet my bevordering en aangestelling as die Afdelingskommissaris: Opleiding goedgekeur het. Ek was op daardie stadium die Adjunk Provinsiale Kommissaris in die Limpopo Provinsie.

Terwyl ons nog besig was om tenders vir die vervoer van ons besittings in te win en al die ander reëlings vir die verhuising terug na Pretoria te doen, het generaal Fivaz my versoek om 'n vergadering in Kaapstad met 'n aantal Sweedse regeringsamptenare te gaan bywoon.

Die vergadering het gegaan oor die Swede se hulpprogram rakende polisie-opleiding en menslike hulpbronbestuur. Ander opleidingsinstellings, soos die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en Wits, sou ook die vergadering bywoon. Die geselskap het bestaan uit die uwe, die pas aangewese nasionale kommissaris, Jackie Selebi, die aangewese afdelingskommissaris van loopbaanbeplanning, Mala Singh en kommissaris Chris Botha, wat al 'n rukkie in die Afdeling: opleiding werksaam was.

Ons sou met die polisie se korporatiewe straler na Kaapstad vlieg.

Jackie Selebi was versoek om saam te gaan sodat hy formeel aan die Sweedse afvaardiging, een van die polisie se grootste skenkerlande, voorgestel kon word.

Chris Botha was die "ou hand" by die Afdeling: Opleiding en was inderdaad die enigste offisier wat op daardie stadium werklik 'n bydrae oor die strukture en programme van die Afdeling by die vergadering kon lewer, omdat ek en Mala Singh nog nie eers diens in ons nuwe poste aanvaar het nie.

Chris het onderneem om ons almal tydens die vlug in te lig waaroor alles sou gaan. Hy en die Sweedse donateurs het reeds 'n tentatiewe program saam met die universiteite opgestel.

By die Wonderboomlughawe het ek vir die eerste keer kennis gemaak met Jackie Selebi en Mala Singh. Die ontmoeting het heel gemoedelik geskied en ons het oor die nuwe uitdagings gesels terwyl die polisie se tiensitplek Beechcraft Citation-straler voorberei was vir die vlug Kaap-toe.

Die vliegtuig het skaars van die grond af opgestyg toe Chris sy aktetas oopgemaak en 'n program aan ons voorgelê en ons ingelig het hoe die program vir die dag sou verloop.

Onder andere moes die Universiteit van Kaapstad (wat as gasheer vir die vergadering opgetree het) die intreerede lewer, terwyl Selebi die bedanking of iets dergeliks moes doen.

Jackie Selebi het vir 'n rukkie na die program gekyk. Voordat die vliegtuig nog sy kruishoogte bereik en skaars oor Midrand gevlieg het, het hy in 'n woedebui ontplof en beveel dat die vliegtuig net daar moes omdraai. Hy het vir my, Mala en Chris sommer net daar in die vliegtuig "gefire".

Hy was glad nie geneë om slegs die bedankings te doen na 'n toespraak van 'n "bogsnuiter-universiteitsdosent" nie....

Vir 'n oomblik was ons stom van verbasing ..... en hoe meer ek en Mala probeer verduidelik het dat ons nog nie eers ons nuwe aanstellings aanvaar het nie, hoe moeiliker het hy geword en aangedring om terug te keer na die Wonderboom lughawe.

Die vlieënier het gesê dat hy nie goedsmoeds kon omdraai nie en dat sy vlugplan na Kaapstad reeds aanvaar is. Ons het maar aangevlieg Kaap-toe.

Mala was baie ontsteld en het tydens die vlug hard probeer om vir Jackie Selebi te kalmeer, maar die twee-uur vlug het verder in 'n ysige stilte voortgegaan. Ek en Chris het haar stilletjies en ongemerk probeer gerusstel, want ons het geweet dat ons nie sommer so "gefire" kan word nie.

Toe ons in die Kaap aangekom het, het die vergadering sonder enige voorval plaasgevind. Jackie Selebi sy toespraak afgelê en uit die vuis heelwat uitgebrei op die konsep-toespraak. Na 'n middagete in die Mount Nelson hotel, wat deur die Swede aangebied is, is ons na die Ysterplaat lughawe vir die vlug terug na Wonderboom. Die terugvlug het darem in 'n meer gemoedelike, dog steeds koel atmosfeer plaasgevind. Die koelkas met die gebruiklike versnaperinge was op pad terug nie eers oopgemaak is nie.

Toe ek later die aand terug by die huis in Pietersburg gekom het, het Netta belangstellend gevra hoe die dag afgeloop het.

Ek het ewe droogweg vir haar vertel dat die vergadering heel goed afgeloop het, maar dat Mala, Chris en ek geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika gemaak het ..... skaars nadat die vliegtuig opgestyg het, is ons sommer net daar in die vliegtuig "gefire"!

Sy het lam in die knieë geword en my geskok met haar groot blou oë aangekyk .....

Ek het uiteindelik vier jaar en 'n paar maande later self besluit om, na 'n dienstyd van veertig jaar, met pensioen uit die Suid-Afrikaanse Polisie te tree. Vrywillig. Die tyd wat ek in die Suid-Afrikaanse Polisiediens se topbestuur onder Jackie Selebi gedien het, was dalk interessant, maar dit was die ondankbaarste en slegste tydperk van my loopbaan..... maar ek dink darem dat ek heel anderkant uitgekom het!

Ek het besluit om hierdie storie doelbewus terug te hou totdat Selebi se verhoor afgehandel en hy skuldig bevind was aan korrupsie. *(Hy is intussen oorlede.)* Ten spyte van die hardvogtige manier waarmee hy my en sommige van my blanke kollegas behandel het, kan ek dit nie help om nogal jammer vir hom te voel nie ..... maar ook nie te veel nie!

--ooOOoo—

'N KYKIE IN DIE TRUSPIEËL

As ’n mens jonk is en pas sy volwasse lewe betree het, dink hy nie eers aan die dag wanneer sy tyd sal aanbreek om af te tree nie.

Wanneer die tyd egter wel aanbreek om die tuig na ’n lang en goeie loopbaan neer te lê, voel die dag wat ek my hande opgesteek en gesê het “So help my God”, soos gister.

Dan maak dit nie meer saak dat ek en my gesin talle kere verplaas moes word nie. Al moes ons nege keer ons huis verkoop en ’n ander huis op ’n nuwe standplaas vind; ons kinders kort-kort in nuwe skole moes aanpas; my vrou ’n paar keer haar werk moes bedank; was dit nie so belangrik nie. Wat dan belangrik is, is dat die Suid-Afrikaanse Polisie op die ou end vir ons ’n goeie en fatsoenlike lewe en ’n redelik sorgvrye oudag gebied het.

Hierdie dinge was slegs moontlik omdat ek steeds, al vir 50 jaar, geseën is met ’n lojale en wonderlike metgesel. Sy het nooit gekla as ek verplaas moes word nie. Sy moes dikwels vir lang tye alleen klaarkom as ek van die huis moes weggaan.

Van die begin van ons jong getroude lewe saam, toe ek my salaris van R85 per maand, by haar ewe klein salaris gegooi het en sy ons rekeninge langs mekaar op die dubbelbed neergesit en die geld daarvoor uitgesit het, het sy vir ons finansies gesorg.

Sy het van die eerste dag van ons huwelik gesorg dat daar altyd genoeg was om van te lewe. Danksy haar bystand, liefde en ondersteuning het sy my hande hoog gehou en gesorg dat ons kinders ordentlik grootgemaak word.

Sy het haar eie belange telkens opsy geskuif as dit in belang van my loopbaan of ons kinders was.

Ofskoon ons self feitlik kinders was toe ons in 1967 getroud is, was sy deur al die jare my skouer om op te leun en die een wat my bemoedig het as dinge moeilik geraak het.

Deur die onverdiende genade van ons Hemelse Vader was ek ook behoed en bewaar om na al die jare met goeie gesondheid en ongeskonde uit die stryd te tree.

--ooOOoo—